# *Jesus, ons alles*



'N STUDIE VAN HEBREËRS

LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS

*JESUS, ONS ALLES: 'N STUDIE VAN HEBREËRS*

Kopiereg © 2020 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Jesus, ons alles: 'n Studie van Hebreërs* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou.

Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

## BY LOVE GOD GREATLY VIND JY WARE, LEWENSEGTE VROUENS. VROUENS WAT ONVOLMAAK, MAAR TOG VERGEWE IS.

Vrouens wat minder van hulself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat graag vir God deur Sy Woord wil leer ken, want ons weet dat die Waarheid ons verander en vry maak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, deurdrenk in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Welkom vriendin. Ons is so bly dat jy hier is…

# INHOUDSOPGAWE


01 WELKOM

02 HULPBRONNE

03 LOVE GOD GREATLY

04 SOAP STUDIE

07 GETUIENIS

09 INLEIDING

10 LEESPLAN

13 JOU DOELWITTE

14 WEEK 1

39 WEEK 2

64 WEEK 3

89 WEEK 4

114 WEEK 5

139 WEEK 6

164 KEN HIERDIE WAARHEDE

# WELKOM

*Maak gebruik van die volgende hulpbronne terwyl jy die studie volg:*

- Weeklikse Blogs
- Weeklikse Memoriseerverse
- Weeklikse Uitdagings
- Facebook, Twitter, Instagram
- LoveGodGreatly.com
- LoveGodGreatly.com/afrikaans
- Hashtags: #LoveGodGreatly #LoveGodGreatlyAfrikaans

Ons is verheug dat jy by ons aangesluit het vir hierdie Bybelstudie! Eerstens, weet dat daar vir jou gebid is! Dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos wat jy elke dag in Sy Woord delf! Soos jy die dissipline ontwikkel om daagliks in God se Woord te wees, bid ons dat jy Hom meer sal liefkry soos jy tyd spandeer om die Bybel te lees.

Elke dag, voordat jy begin om die aangewese Bybelverse te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om met jou te praat deur Sy Woord. Luister dan. Dit is Sy werk om tot jou te spreek, en jou werk om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Ons word in Spreuke geleer om te soek en ons sal vind: "Soek vir dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos 'n verborge skat. Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken." (Spreuke 2:4)

Almal van ons hier by *Love God Greatly* kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur—en moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin. Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is saam in hierdie proses. Streef daarna om vroeg op te staan, om die spanning van die dag opsy te skuif, om alleen te sit en tyd in God se Woord te spandeer! Kom ons sien wat God vir jou wil leer in hierdie studie! Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

# HULPBRONNE

*Sluit By Ons Aan*

### AANLYN

lovegodgreatly.com

lovegodgreatly.com/afrikaans

### WINKEL

lovegodgreatly.com/store

### FACEBOOK

facebook.com/LoveGodGreatly

facebook.com/Love-God-Greatly-Afrikaans-717623225000335

### INSTAGRAM

instagram.com/lovegodgreatlyofficial

instagram.com/liefgodgrootliks

instagram.com/lovegodgreatlyafrikaans

### TWITTER

@_LoveGodGreatly

### LAAI DIE APP AF

### KONTAK ONS

info@lovegodgreatly.com

lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com

### SKAKEL BY ONS IN

#LoveGodGreatly

#LoveGodGreatlyAfrikaans

# LOVE GOD GREATLY

*Love God Greatly* (LGG) is 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid soorte van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord. Ons begin met 'n eenvoudige Bybel leesplan, maar dit eindig nie daar nie.

*Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?*

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle plaaslike huise en kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens van reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ons ookal gebruik, ons neem liefdevol mekaar se hande en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

In vandag se vinnig-veranderende, tegnologie-gedrewe wêreld, is dit maklik om God se Woord te bestudeer in 'n geïsoleerde omgewing wat nie aanmoedig en ondersteuning bied nie, maar dit is nie die doel hier by *Love God Greatly* nie. God het ons geskape om in gemeenskap met Hom en die mense rondom ons te leef.

Ons het mekaar nodig, en ons leef die lewe beter saam. Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?

Wees verseker dat ons saam met jou hierdie studie gaan doen—ons gaan saam met jou leer, jou aanmoedig, soete samesyn geniet en van oor tot oor glimlag soos ons sien hoe God vrouens saamsnoer—doelgerig harte en gedagtes saambind tot Sy eer.

So hier is die uitdaging: betrek jou moeder, jou suster, jou ouma, die vrou oorkant die straat, of die universiteitsvriendin aan die ander kant van die land. Betrek 'n groep vrouens van jou kerk of jou werk, of ontmoet in 'n koffiewinkel met vriende wat jy nog altyd beter wou leer ken.

Arm om arm en hand in hand. Kom ons doen dit…saam.

# DIE SOAP BYBELSTUDIE METODE

## HOE EN HOEKOM

*Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe.*

By *Love God Greatly* glo ons dat die Woord van God lewendig en aktief is. Ons glo dat die woorde van die Bybel kragtig en effektief is en toepaslik is vir die lewe in alle tye en alle kulture. Ons weet ook dat die Bybel geskryf is vir spesifieke gehore in spesifieke kulture op spesifieke tye. Ons glo dat, om die Bybel korrek te kan interpreteer, ons 'n begrip moet hê van die konteks van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode om die Bybel te bestudeer. Hierdie Engelse akroniem staan vir die woorde Scripture, Observation, Application, en Prayer (Skrifgedeelte, Observasie, Interpretasie en Gebed). Dit is een ding om net die Bybel te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor te bepeins, dan begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper te delf in die Bybel en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jakobus 1:22).

In hierdie joernaal sal jy daagliks verse hê om te lees en 'n paar verse om te SOAP. Ons lees 'n gedeelte van die Bybel en pas dan die SOAP metode toe op 'n paar verse. Ons glo dat hierdie metode ons help om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Jy sal nooit tyd mors in God se Woord nie. Dit is kragtig en effektief. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

Ons moedig jou aan om die SOAP metode toe te pas wanneer jy die daaglikse verse lees. Neem asseblief die tyd om te SOAP deur ons Bybelstudies en sien vir jouself hoeveel meer jy uit jou daaglikse stiltetyd kry.

Jy sal verbaas wees.

# SOAP STUDIE *(VOORTGESIT)*

## MAANDAG

LEES
*1 Timoteus 1:1-7*

SOAP
*1 Timoteus 1:5-7*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir Julle in die hemel bewaar word en waarvan Julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan Julle verkondig is. Die evangelie het Julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is. Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in Julle belang. Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in Julle gewek is.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

Wanneer Jy geloof en liefde kombineer, kry Jy hoop.
Ons moet onthou dat ons hoop in die hemel is......dit wag op ons. Die evangelie is die Woord van Waarheid. Die evangelie dra vrugte en groei van die eerste dag tot die laaste. Dit neem net een persoon om 'n hele gemeenskap te verander....Epafras.

**S** STAAN VIR **SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)**

*Skryf die verse ten minste een keer neer.*

*Neem jou tyd, skryf die verse uit die Bybel neer en fokus op wat jy skryf.*

*Dit is altyd goed om dit meer as een keer neer te skryf.*

**O** STAAN VIR **OBSERVATION (OBSERVASIE)**

*Neem jou tyd om die Skrifgedeelte nougeset waar te neem.*

*Wat sien jy in die verse wat jy lees? Wie is die gehoor vir wie dit geskryf is? Met wie praat die skrywer? Watter kulturele faktore speel 'n rol? Word enige woorde of temas herhaal? Watter literêre middels (bv. beeldsprake, vergelykings) word gebruik?*

**A** STAAN VIR **APPLICATION (TOEPASSING)**

*Nadat jy nougeset waargeneem het wat in die Skrifgedeelte gebeur, bepaal wat die hoofboodskap of waarheid van hierdie gedeelte is.*

*Hoe kan jy hierdie waarheid in jou lewe toepas?*

*Wat moet jy vandag doen, in die lig van hierdie waarheid?*

*Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

God het een man, Epafras, gebruik om 'n hele dorp te verander! Ek was daaraan herinner dat ons net geroep is om ander van Christus te vertel....... God sal die evangelie laat versprei..... om dit te laat groei en vrugte te dra. Ek voel dat vandag se verse direk spreek to EGG..."en net soos dit in die hele wereld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos wat dit werklik is."

*Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

Liewe Here, help my asseblief om 'n "Epafras" te wees - om ander mense van U te vertel, en die resultate dan in U liefdevolle hande te los. Help my asseblief om dit wat ek gelees het, te verstaan en toe te pas in my persoonlike lewe, sodat ek elke dag meer en meer soos U kan word. Help my om 'n lewe te lei wat vrugte dra van geloof en liefde. Anker my hoop in die hemel, nie hier op die aarde nie. Help my om te onthou dat die BESTE nog voorlê!

**P** STAAN VIR **PRAYER (GEBED)**

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*As Hy iets in hierdie tyd aan jou geopenbaar het, bid daaroor.*

*Bely enige sonde wat God geopenbaar het.*

*Bid oor die waarheid wat jy uit hierdie Skrifgedeelte geleer het.*



# LGG DUITSE GETUIENIS

## KEREN, DUITSLAND

Toe ek gebore is, het my pa my vernoem na een van die dogters van Job, Keren-Happuch. Job was 'n man wat 'n diep geloof in God gehad het. Hierdie geloof het hom deur sy lewe gedra, selfs toe hy ver bokant sy geloof getoets is. Tog het Job steeds sy vertroue in God geplaas.

Na sy swaarkry het Job dubbeld soveel gehad as voorheen, selfs nog tien kinders (Job 42:14-15).

My pa het my dikwels herinner dat geloof in Job se God die enigste hoop is. As jong, sesjarige kind het ek besluit om God te volg en te dien. Ek was heeltemal bewus van God se teenwoordigheid, leiding en doel in my lewe. My begeerte was nog altyd om God te hoor sê: "Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf." (Mat 25:21)

*Ek wou al so lank deel wees van so iets.*

Nadat ek Bybelkollege bygewoon het, is ek en my man op 22-jarige ouderdom getroud. Om God te dien, was voorop in my gedagte. Ons het baie getrek en ons uiteindelik in Duitsland gevestig. Op daardie tydstip het ons ses kinders gehad. Die roeping om te dien, het my altyd bygebly. Deur God se genade kon ons aan nog drie kinders, wat baie liefde en hulp nodig gehad het, 'n tuiste bied. Ons maak hulle van God bewus en vertrou dat Hy sy werk in hulle lewens ook sal doen.

Nadat ek jare lank gebid het om my Here te dien, was ek geseënd om 'n wonderlike vriendin te ontmoet wat my saamgenooi het na 'n Love God Greatly konferensie. Toe ek sien en hoor wat daar gesê word, het my hart aan die brand geraak. God se Woord vryelik beskikbaar vir enigeen wat dit wou ontvang! Ek wou al so lank deel wees van so iets. Toe ek hoor dat vertalers benodig word, het ek geweet dat dit is wat ek moes doen. Dit was iets wat ek kon doen. Ek wou 'n bydrae lewer om God se Woord aan die wêreld te versprei. Ek werk nou as vertaler vir die Duitse tak.

Ek geniet dit tot dusver om God op dié wyse te dien en bid dat nog baie lewens aangeraak en geseën sal word, net soos ek geseën is.

***Om met die LGG Duitse Tak in verbinding te kom:***

- amherzengottes@gmail.com
- facebook.com/AmHerzenGottes
- facebook.com/groups/1588780231226277

Ken jy iemand wat sou baat vind by ons *Love God Greatly* Bybelstudies? Vertel hulle dan gerus van LGG en al die wonderlike Bybelstudiehulpbronne wat ons beskikbaar stel om hulle met God se Woord te help toerus!

# JESUS, ONS ALLES

*'n Studie van Hebreërs*

*Kom ons begin*

# INLEIDING

## JESUS, ONS ALLES

### *Die Oppergesag van Christus*

Die boek Hebreërs handel oor Godheid, mensheid en majesteit van Christus. Die skrywer illustreer die hoër gesag van Christus en toon sy gesag en mag oor engele, profete, offers en die priesteramp. Die boek Hebreërs verduidelik die heerskappy van Christus oor almal.

Hebreërs kon 'n preek gewees het, of dit kon 'n brief gewees het. Hoewel daar onduidelikheid is oor die oorspronklike formaat, is die boodskap duidelik. Na 'n kort inleiding (1:1–4) begin die skrywer die hoër gesag en opofferingswerk van Christus verduidelik (1:5–10:18). Die skrywer beskryf dan elemente van die geloof, met 'n huldeblyk aan diegene in die verlede wat voorbeelde van groot geloof was (10:19-13:17) en eindig uiteindelik met 'n seënbede (13:18-25).

Hoewel die skrywer van die boek Hebreërs onbekend is, meen sommige dat die oorspronklike gehoor 'n groep Joodse Christene was, omdat die boek op Joodse rituele en temas fokus. Die skrywer gebruik ook verskeie aanhalings uit die Ou Testament, miskien omdat hy aanvaar het dat die gehoor vertroud was met die geskrifte. Die tydperk waarin die boek Hebreërs geskryf is, is ook onbekend; daar word egter geglo dat dit geskryf is voor die vernietiging van Jerusalem in 70 voor Christus.

Soos ons die oppergesag van Christus bestudeer, kan ons ons lewens beter in lyn bring met Hom. Wanneer ons die soewereiniteit van God oor alles in ons lewens erken, kan ons ons omstandighede aan Hom oorgee. Ons kan groot bemoediging put uit die manier waarop Christus die beloftes van die Ou Testament vervul het. Ons geloof sal versterk word namate ons die getrouheid van God sien teenoor diegene wat voor ons was.

Hebreërs is 'n uitstekende plek om vaste leer te vind, asook 'n uiteensetting van die aard en karakter van Jesus Christus. Om Hom baie lief te hê, moet ons Hom goed ken. Hebreërs bemoedig ons namate ons leer oor die karakter en aard van Christus, die belangrikheid van sy offer en sy gesag en mag oor alles. Die skrywer stel ook Christus voor as ons middelaar wat ons in staat stel om tot die troon van God te nader. Hy is ons Groot Hoëpriester, wat ons verhouding met die Vader herstel deur sy lewe, dood en opstanding. Hy is ons alles.

# SOAP LEESPLAN

## WEEK 1

Maandag
Lees: Hebreërs 1:1–4
SOAP: Hebreërs 1:3–4

Dinsdag
Lees: Hebreërs 1:5–14
SOAP: Hebreërs 1:8–9

Woensdag
Lees: Hebreërs 2:1–4
SOAP: Hebreërs 2:1

Donderdag
Lees: Hebreërs 2:5–18
SOAP: Hebreërs 2:10–12

Vrydag
Lees: Hebreërs 3:1–6
SOAP: Hebreërs 3:3–4

## WEEK 2

Maandag
Lees: Hebreërs 3:7–19
SOAP: Hebreërs 3:12-14

Dinsdag
Lees: Hebreërs 4:1–13
SOAP: Hebreërs 4:12–13

Woensdag
Lees: Hebreërs 4:14–16
SOAP: Hebreërs 4:15–16

Donderdag
Lees: Hebreërs 5:1–10; Matteus 26:36-46
SOAP: Hebreërs 5:7-8; Matteus 26:39

Vrydag
Lees: Hebreërs 5:11–6:3
SOAP: Hebreërs 6:1

## WEEK 3

Maandag
Lees: Hebreërs 6:4–12; Galasiërs 6:9
SOAP: Hebreërs 6:11–12; Galasiërs 6:9

Dinsdag
Lees: Hebreërs 6:13–20
SOAP: Hebreërs 6:19–20

Woensdag
Lees: Hebreërs 7:1–10
SOAP: Hebreërs 7:3

Donderdag
Lees: Hebreërs 7:11–28
SOAP: Hebreërs 7:25

Vrydag
Lees: Hebreërs 8:1–6; Kolossense 1:15-20
SOAP: Hebreërs 8:6; Kolossense 1:17-18

## WEEK 4

Maandag
Lees: Hebreërs 8:7–13; 2 Korintiërs 3:4-6
SOAP: Hebreërs 8:7–8; 2 Korintiërs 3:5-6

Dinsdag
Lees: Hebreërs 9:1–10; 1 Korintiërs 6:19-20
SOAP: Hebreërs 9:8–9; 1 Korintiërs 6:19-20

Woensdag
Lees: Hebreërs 9:11–14
SOAP: Hebreërs 9:13-14

Donderdag
Lees: Hebreërs 9:15–28
SOAP: Hebreërs 9:27-28

Vrydag
Lees: Hebreërs 10:1–18; Romeine 5:20-21
SOAP: Hebreërs 10:1–2; Romeine 5:20-21

## WEEK 5

Maandag
Lees: Hebreërs 10:19–25
SOAP: Hebreërs 10:23–25

Dinsdag
Lees: Hebreërs 10:26–39
SOAP: Hebreërs 10:36–39

Woensdag
Lees: Hebreërs 11:1–7
SOAP: Hebreërs 11:1–2

Donderdag
Lees: Hebreërs 11:8–22
SOAP: Hebreërs 11:8

Vrydag
Lees: Hebreërs 11:23–31
SOAP: Hebreërs 11:26–27

## WEEK 6

Maandag
Lees: Hebreërs 11:32–40
SOAP: Hebreërs 11:39–40

Dinsdag
Lees: Hebreërs 12:1–13
SOAP: Hebreërs 12:1–2

Woensdag
Lees: Hebreërs 12:14–29
SOAP: Hebreërs 12:14–15

Donderdag
Lees: Hebreërs 13:1–19
SOAP: Hebreërs 13:8

Vrydag
Lees: Hebreërs 13:20–25
SOAP: Hebreërs 13:20–21

# JOU DOELWITTE

Ons glo dat dit belangrik is om doelwitte neer te skryf vir hierdie studie. Neem nou tyd en skryf drie doelwitte neer waarop jy wil fokus soos jy elke dag opstaan en in God se Woord delf. Maak seker dat jy terugverwys na hierdie doelwitte tydens die volgende paar weke, om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

Handtekening:

Datum:

# WEEK 1

*God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie deel laat kry aan sy heerlikheid. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring.*

**HEBREËRS 2:10**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou familie te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Hebreërs 2:1 waarsku ons teen die afwyking van ons geloof. As gevolg van ons sondige natuur, dryf ons nie van nature na God toe nie. Wat is drie dinge wat jy hierdie week kan doen om op te let wat jy uit die Woord van God geleer het? Skryf hierdie drie dinge neer en plaas dit êrens waar jy dit gereeld sal sien. Besin aan die einde van die week of hierdie gewoontes gewerk het of nie. As dit gewerk het, hoe kan jy voortgaan om dit in die toekoms te implementeer? As dit nie gehelp het nie, watter ander gewoontes kan jy begin om jou sterk in jou geloof te hou?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Hebreërs 1:1-4*

1 In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat
deur die profete, 2 maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur
die Seun. God het Hom deur wie Hy die Wêreld geskep het, ook erfgenaam van
alles gemaak. 3 Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van
die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die
reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die
Majesteit in die hoë hemel. 4 Hy is net so verhewe bo die engele as wat die Naam
wat God Hom gegee het, voortrefliker is as hulle naam.

# MAANDAG

LEES:
*Hebreërs 1:1–4*

SOAP:
*Hebreërs 1:3–4*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Hebreërs 1:3-4*

UIT HOM STRAAL DIE HEERLIKHEID VAN GOD EN HY IS DIE EWEBEELD VAN DIE WESE VAN GOD. HY HOU ALLE DINGE DEUR SY MAGSWOORD IN STAND. NADAT HY DIE REINIGING VAN SONDES BEWERKSTELLIG HET, HET HY GAAN SIT AAN DIE REGTERHAND VAN DIE MAJESTEIT IN DIE HOË HEMEL. HY IS NET SO VERHEWE BO DIE ENGELE AS WAT DIE NAAM WAT GOD HOM GEGEE HET, VOORTREFLIKER IS AS HULLE NAAM.

*Oordenking*

Die skrywer van Hebreërs het die Goddelikheid van Christus beskryf deur te verduidelik hoe Jesus die presiese verteenwoordiging van God is. Jesus is die een wat alles in stand hou (Kol 1:17). Hy kan dit alleen doen omdat Hy God is.

Jesus het ‘n baie belangrike daad verrig toe hy op die aarde was: Hy het vir al die sondes van die mensdom betaal. Hy het ons gereinig van al ons sonde en slegte dade. Hy het Homself verneder om ‘n weg vir ons te maak om ‘n verhouding met God te hê, nou en in ewigheid.

Toe sy werk voltooi is, het Hy aan die regterhand van God gesit. Hierdie is ‘n verwysing na Psalm 110: waar God met Dawid praat en sê, “Kom sit aan my regterhand.” Die gebruik van hierdie Psalm in verband met Jesus wys Jesus se outoriteit en sy regmatigheid as die Messias, die beloofde seun van Dawid.

Al hierdie eienskappe begin om vorm te gee aan die skrywer se hoofboodskap: Jesus is verhewe bo alles. Hy is verhewe bo die profete, bo die priesters van die verlede, bo die Skrif, bo Dawid en selfs die engele. Hy alleen is ons lofprysing waardig!

*Gebed*

Here Jesus, ek herken dat U verhewe bo alles is. Maak my oë oop om te sien hoe U alleen lofwaardig is. Help my om te sien op watter wyses ek ander dinge in die lewe, selfs goeie en positiewe dinge, voor U plaas. Ek wil U aanbid en U met my hele hart en lewe volg. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Hebreërs 1:5-14*

5 Immers, aan wie van die engele het God ooit gesê: "Jy is my Seun, van vandag
af is Ek jou Vader," en ook: "Ek sal sy Vader wees, en Hy sal my Seun wees"? 6 En
wanneer God die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: "Al die engele van
God moet Hom aanbid." 7 Van die engele sê Hy: "Hy maak sy engele stormwinde
en sy dienaars vuurvlamme." 8 Maar van die Seun sê Hy:

"U troon, o God, staan vir ewig vas, met u koninklike septer laat U reg geskied.
9 U het die reg lief en U haat die onreg. Daarom het God, u God, U onder groot
vreugde tot Koning gesalf bo u tydgenote."

10 En verder:
"U, Here, het in die begin die aarde gevestig,
en ook die hemel is die werk van u hande.
11 Dié dinge sal vergaan, maar U bly bestaan;
soos 'n kledingstuk sal alles verslyt;
12 soos klere sal U dit oprol;
ja, soos 'n kledingstuk sal dit vervang word.
Maar U, U bly dieselfde, en u jare het geen einde nie."

13 Van watter engel het hy ooit gesê: "Sit aan my regterhand, totdat Ek jou vyande
aan jou onderwerp het?" 14 Is hulle dan nie almal geeste in diens van God, wat Hy
uitstuur om dié te dien wat die saligheid gaan beërf nie?

# DINSDAG

LEES:
*Hebreërs 1:5–14*

SOAP:
*Hebreërs 1:8–9*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Hebreërs 1:8-9*

MAAR VAN DIE SEUN SÊ HY:
"U TROON, O GOD, STAAN VIR EWIG VAS, MET
U KONINKLIKE SEPTER LAAT U REG GESKIED.
U HET DIE REG LIEF EN U HAAT DIE ONREG.
DAAROM HET GOD, U GOD, U ONDER GROOT
VREUGDE TOT KONING GESALF BO U TYDGENOTE.

*Oordenking*

Na sy inleiding, het die skrywer van Hebreërs al die wyses wat Jesus verhewe is, verduidelik. Hy begin eerste met sy hoër gesag en heerskappy oor die engele. Die engele het inderdaad 'n belangrike rol in God se koninkryk, as gesante om sy mense te dien. Jesus is egter ver verhewe bo die engele, selfs in hulle betekenis.

Jesus is een wie se troon vir ewig gevestig is. Jesus is ewig: Hy het altyd en sal altyd bestaan. Sy troon sal dus ook vir ewig bestaan. Die skrywer van Hebreërs sal hierdie tema van Jesus se ewige heerskappy en bewind reg deur die boek voortsit.

Die fokus van Jesus se hoër gesag is nie op sy sondelose lewe op aarde nie, maar op wie Hy is. Hy is die ewige Seun van God, wie altyd is en wat altyd sal wees. Hy sal vir ewig heers. Hy het sonde vir eens en vir altyd vernietig en ons met sy regverdigheid toegereken. Sy regverdigheid en getrouheid hou alles in stand, insluitende al die onsekerhede van ons lewens.

*Gebed*

Jesus, ek herken U majesteit. U alleen is regverdig en U het gekies om my U regverdigheid te skenk deur genade alleen. Help my om te glo dat u opoffering genoeg is en dat ek nie sal probeer om my verlossing deur werke of dade te probeer verdien nie. Ek glo U is heilig en regverdig en ek weet dat ek U desperaat nodig het. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Hebreërs 2:1-4*

1 Om hierdie rede moet ons soveel kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het, sodat
ons nie dalk wegdrywe nie. 2 As die woord wat deur engele gepraat is, bindend
was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regmatig gestraf is, 3 hoe sal ons dan
ontkom as ons so 'n groot saligheid verontagsaam het? Hierdie saligheid is immers
deur die Here verkondig, deur wie dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur
dié wat dit gehoor het. 4 Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders
en ook deur allerhande kragitge dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit
toebedeel het volgens sy wil.

# WOENSDAG

LEES:
*Hebreërs 2:1–4*

SOAP:
*Hebreërs 2:1*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Hebreërs 2:1*

OM HIERDIE REDE MOET ONS SOVEEL KRAGTIGER VASGRYP AAN WAT ONS GEHOOR HET, SODAT ONS NIE DALK WEGDRYWE NIE.

*Oordenking*

Die beeld wat in Hebreërs 2:1 geskep word, is van ‘n boot wat wegdryf van ‘n dok af. As ‘n boot nie behoorlik aan ‘n dok vasgemaak is nie, sal dit wegdryf met die gety van die water of met die krag van die wind, selfs in ‘n kalm en stil omgewing.

Dieselfde is waar vir ons. As mense, dryf ons nie natuurlik na God toe nie. Die skrywer van Hebreërs wou hê dat sy gehoor standvastig in hulle geloof moes bly. Hy het hulle gewaarsku om nie weg te drywe na die ou weë van Judaïsme nie, na ‘n evangelie wat op werke gegrond is nie. As gevolg van die werk van Chritus, omdat Hy verhewe bo die engele is, as gevolg van sy wese, omdat Hy die Seun van God is, hoef ons nie langer bekommerd te wees oor die betaling vir ons sondes nie.

Die Ou Testamentiese Israeliete het geglo dat die boodskap van God deur engele gekommunikeer is en hulle het die boodskap geglo. Maar nou het Christus gekom. Christus is verhewe bo die engele. Omdat getroue volgelinge van God die boodskap van die verlede geglo het, hoeveel meer moet ons nou die boodskap glo wanneer dit van God self kom?

Die waarheid en boodskap van die Ou Testament is bevestig deur Jesus Christus. Hy is wie Hy sê Hy is. Hy sal doen wat Hy belowe het om te doen. Soos ons lewens van geloof leef, moet ons vas aan Hom bly en versigtig wees om nie weg te dryf nie, want Hy alleen is die weg tot verlossing.

Gebed

Here God, U het die weg na verlossing duidelik gemaak: dit is slegs deur u Seun, Jesus. Help my om standvastig te bly in U. Help my om nie weg te dryf nie. Plaas mense in my lewe om my verantwoordbaar te hou om naby aan U te bly. Ek wil al die dae van my lewe in U bly. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Hebreërs 2:5-18*

5 Dit is nie aan engele dat Hy die toekomstige wêreld, waarvan ons praat,
onderwerp het nie. 6 Inteendeel, iemand het êrens getuig en gesê:

"Wat is 'n mens dat U aan hom dink,
'n mensekind dat U na hom omsien?
7 U het hom 'n kort tydjie minder as die engele gemaak;
U het hom met heerlikheid en eer gekroon;
8 U het alles aan hom onderwerp.

By die onderwerping van alle dinge aan die mens is niks uitgesluit nie. Alles is
aan hom onderwerp. Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens
onderwerp is nie. 9 Maar ons sien Jesus, met eer en heerlikheid gekroon op grond
van sy lyding en dood. Hy is 'n kort tydjie minder gemaak as die engele, sodat
Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe. 10 God, ter wille van wie alles
bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie deel laat kry aan sy heerlikheid.
En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding
heen tot volmaaktheid sou bring. 11 Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat
geheilig word, is almal uit een Vader. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle
sy broers te noem nie. 12 Hy sê tog: "Ek sal u Naam aan my broers bekend maak,
in die samekoms van die gemeente sal Ek u lof besing." 13 Ook sê Hy: "Ek sal
altyd op Hom vertrou."

En verder: "Hier is Ek met die kinders wat God My gegee het." 14 Aangesien
hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens
geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood,
dit is die duiwel, te vernietig 15 en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele
lewe lank in slawerny was, te bevry. 16 Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die
engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. 17 Daarom moes Hy in elke
opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester
voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. 18 Omdat Hy self
versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word.

# DONDERDAG

LEES:
*Hebreërs 2:5–18*

SOAP:
*Hebreërs 2:10–12*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Hebreërs 2:10-12*

GOD, TER WILLE VAN WIE ALLES BESTAAN EN DEUR WIE ALLES ONTSTAAN HET, WOU BAIE DEEL LAAT KRY AAN SY HEERLIKHEID. EN DAAROM WAS DIT REG DAT HY HULLE LEIDSMAN TOT DIE VERLOSSING DEUR LYDING HEEN TOT VOLMAAKTHEID SOU BRING. HY WAT HEILIG MAAK, SOWEL AS DIE MENSE WAT GEHEILIG WORD, IS ALMAL UIT EEN VADER. OM HIERDIE REDE IS JESUS NIE SKAAM OM HULLE SY BROERS TE NOEM NIE. HY SÊ TOG: "EK SAL U NAAM AAN MY BROERS BEKEND MAAK, IN DIE SAMEKOMS VAN DIE GEMEENTE SAL EK U LOF BESING."

*Oordenking*

In hierdie verse het die skrywer van die boek Hebreërs verduidelik waarom Jesus moes sterf; dit was sodat Hy volmaak kon word deur lyding. Die woord 'volmaak' beteken hier 'om te voltooi' of 'om 'n einddoel te bewerkstellig.'

Dit was nie nodig vir Jesus om geheilig te word (soos God te word) op dieselfde manier as wat ons geheilig word nie. Hy is God en hoef dus nie volmaak te word nie; Hy is reeds volmaak. Wat deur lyding volmaak gemaak is, was die werk van Christus. Deur sy lyding is die verlossingswerk voltooi. Omdat Christus gely het, is ons van sonde en die dood gered.

Die doel van Christus se lyding was om ons tot redding te bring. Ten einde vir ons te sterf, moes Jesus saam met ons ly. Hy moes mens gemaak word om te ly op dieselfde manier as wat ons ly. Om ons te help, om ons advokaat te wees, het Hy homself verneder en mens geword. Om ons te help, is Hy soos ons gemaak. Toe Hy mens geword het, het Jesus ons advokaat geword. Hy staan in die kloof vir ons. Hy is ons middelaar en bring ons versoeke voor God. Hy is ons hulp en bied ons redding deur sy lyding.

*Gebed*

Here Jesus, ek glo dat U alleen die weg tot redding is. U werk is voltooi: daar is niks wat ek kan doen om verlossing te verdien nie. U het dit alles gedoen. Ek prys U omdat U uself verootmoedig het om my ontwil. Help my om U te eer in alles wat ek doen en dat ek sal glo dat u lyding genoeg is om my sonde te bedek. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Hebreërs 3:1-6*

1 Daarom, broers wat vir die Here afgesonder is en deelgenote is van die hemelse
roeping, moet julle noukeurig let op Jesus, die Apostel en Hoëpriester van die
geloof wat ons bely. 2 Hy is getrou aan God wat Hom aangestel het, soos ook
Moses getrou was in die hele huis van God. 3 Maar Jesus is groter heerlikheid
waardig geag as Moses, net soos die een wat 'n huis bou, meer eer waardig is as die
huis. 4 Elke huis word deur iemand gebou, maar God is die Een wat alles gebou
het. 5 Moses was as dienaar getrou in die hele huis van God en moes getuig van
die dinge wat God nog sou sê. 6 Christus daarenteen is as Seun getrou oor die huis
van God. En ons is sy huis as ons maar net met moed en oortuiging bly vashou aan
wat ons hoop.

# VRYDAG

LEES:
*Hebreërs 3:1–6*

SOAP:
*Hebreërs 3:3–4*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Hebreërs 3:3-4*

MAAR JESUS IS GROTER HEERLIKHEID WAARDIG GEAG AS MOSES, NET SOOS DIE EEN WAT 'N HUIS BOU, MEER EER WAARDIG IS AS DIE HUIS. ELKE HUIS WORD DEUR IEMAND GEBOU, MAAR GOD IS DIE EEN WAT ALLES GEBOU HET.

*Oordenking*

Die boodskap van die boek Hebreërs is die hoër gesag van Christus en sy bediening. Nadat hy verduidelik het hoe Christus hoër gesag het as die engele, het die skrywer van die Hebreërs verduidelik dat Christus meer is as Moses. Dit bring hoegenaamd nie oneer aan Moses of sy bediening aan die volk nie. In plaas daarvan versterk dit die werk van Christus deur te verduidelik hoe Christus groter heerlikheid waardig is as selfs Moses.

Moses was 'n dienaar van God; Jesus is die Seun van God. Moses het getuig van die beloftes van God; Jesus het God se beloftes vervul. Moses het die volk Israel gelei en bedien; Jesus is die skepper en onderhouer van Israel en sy hele volk in die verlede, hede en toekoms.

Selfs die mees gewaardeerde en gerespekteerde leier in Israel is niks in vergelyking met Christus nie. Jesus alleen is heilig en verdien ons lof. Want selfs al het Moses en die leiers van die verlede die grondslag gelê vir ons geloof, is Jesus die bouer, onderhouer en vervulling van alle dinge.

*Gebed*

Here Jesus, ek erken dat U alleen my lof waardig is. Help my om u heiligheid te onthou. Ek glo dat U groter is as Moses, groter as die engele en groter as almal. U alleen is heilig. Help my om op 'n manier te leef wat U elke dag eer. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Waarom is dit belangrik dat Jesus die verteenwoordiging van God is? Waarom maak dit vandag vir ons saak?

2. Waarom is dit belangrik om aandag te gee aan die dinge wat ons leer wanneer ons die Skrif bestudeer?

3. Wat beteken dit dat Christus volmaak moes word deur lyding? Watter lyding het Hy verduur?

4. Vervolmaak ons lyding ons op dieselfde manier as wat Christus se lyding Hom vervolmaak het? Indien wel, hoe? Indien nie, waarom nie?

5. Waarom verdien Jesus meer eer as diegene wat voor Hom daar was, soos Moses of Dawid?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 2

*Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.*

**HEBREËRS 4:12-13**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou land te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Hebreërs 4:16 herinner ons daaraan dat ons God met vertroue kan nader, omdat Hy altyd wag om ons met genade op genade tegemoet te kom. Verbind jou daartoe om hierdie week elke dag vyf minute buite jou normale gebedstyd te spandeer om God se troon te nader soos jy 'n koning of 'n president sou nader. Stel jou versoeke met dieselfde ootmoed en verwagting aan Hom en erken dat Hy die enigste Een is wat werklik aan jou behoeftes kan voorsien. Skryf neer die maniere waarop God jou pleidooi beantwoord het.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Hebreërs 3:7-19*

7 Luister daarom na wat die Heilige Gees sê:

"Vandag, as julle sy stem hoor,
8 moet julle nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand
gekom het en My in die woestyn op die proef gestel het.
9 Daar het hulle My op die proef gestel en uitgetart, hoewel hulle veertig jaar lank
gesien het wat Ek vir hulle gedoen het.
10 Daarom het Ek 'n afkeer van hierdie geslag gekry en gesê: 'Met hulle hart is
hulle gedurig op 'n dwaalspoor, hulle wou my paaie nie leer ken nie.'
11 Toe het Ek in my toorn 'n eed afgelê: In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie."

12 Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde
gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie.
13 Maar solank daar nog 'n "vandag" is, moet julle mekaar elke dag aanspoor
sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie. 14
Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue waarmee ons
begin het. 15 Daarom word daar gesê: "Vandag as julle sy stem hoor, moet julle
nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het."
16 Wie was dit dan wat gehoor het en tog in opstand gekom het? Was dit nie hulle
almal wat onder leiding van Moses uit Egipte getrek het nie? 17 En van wie het
God veertig jaar lank 'n afkeer gehad? Was dit nie van hulle wat gesondig het en
wie se dooie liggame in die woestyn agtergebly het nie? 18 Oor wie anders as dié
wat ongehoorsaam was, het Hy 'n eed afgelê dat hulle nie in sy rus sou ingaan nie?
19 Ons sien dus dat hulle as gevolg van hulle ongeloof nie in sy rus kon ingaan
nie.

# MAANDAG

LEES:
*Hebreërs 3:7–19*

SOAP:
*Hebreërs 3:12-14*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Hebreërs 3:12-14*

BROERS, JULLE MOET TOESIEN DAT DAAR NOOIT BY EEN VAN JULLE 'N VERKEERDE GESINDHEID VAN ONGELOOF ONTSTAAN EN HY VAN DIE LEWENDE GOD AFVALLIG WORD NIE. MAAR SOLANK DAAR NOG 'N "VANDAG" IS, MOET JULLE MEKAAR ELKE DAG AANSPOOR SODAT NIEMAND VAN JULLE DEUR DIE MISLEIDING VAN DIE SONDE VERHARD WORD NIE. ONS BEHOU DEEL AAN CHRISTUS AS ONS END-UIT VOLHARD IN DIE VERTROUE WAARMEE ONS BEGIN HET.

*Oordenking*

Die skrywer van die boek Hebreërs het nog 'n waarskuwing aan sy gehoor gegee: moet nie 'n verharde, ongelowige hart hê nie. Die geslag Israeliete wat uit Egipte uit slawerny weggevoer is, het hulle harte verhard as gevolg van ongeloof. Hulle het geweier om te glo dat God sou doen wat Hy gesê het Hy sou doen. Vanweë hul ongeloof het nie een van hulle, behalwe Josua en Kaleb, die Beloofde Land binne gegaan nie.

Die skrywer van die boek Hebreërs herinner sy gehoor daaraan dat hulle ook die gevaar loop om van God afvallig te word as gevolg van verharde, ongelowige harte. Ons is ook vandag vatbaar vir ongeloof wat daartoe kan lei dat ons van Christus afvallig raak. Ons moet mekaar bemoedig en voortdurend herinner aan God se getrouheid, in ons lewens asook in die verlede.

Ons is vennote met Christus wanneer ons sy gawe van verlossing aanvaar het. Ons moet volhard sodat ons in sy rus kan ingaan. Vir ons is dit 'n ewigheid met Hom. Ongeloof kan maklik insluip, maar deur aktief in die Christelike gemeenskap te bly en deur die opdragte van God getrou te gehoorsaam, sal ons volhard tot die einde. En meer nog, ons getrouheid is nie eens in ons eie hande nie. Ons kan rus in die vertroue dat Christus ons vir ewig by Hom verseker het toe ons ons geloof in Hom geplaas het.

*Gebed*

Here Jesus, weerhou my asseblief daarvan om 'n verharde hart te hê. Ek weet my verlossing is veilig in U en niks kan my van U wegneem nie. Help my om sensitief te bly vir u Woord, u stem en u teenwoordigheid. Ek het U elke dag nodig. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Hebreërs 4:1-13*

1 Terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog van krag is, moet ons oppas dat
dit nie miskien later blyk dat een van julle agtergebly het nie. 2 Ons het die blye
boodskap ontvang net soos hulle, maar hoewel hulle die prediking gehoor het,
het dit hulle niks gebaat nie, omdat hulle nie geglo het wat hulle gehoor het nie.
3 Ons wat glo, gaan wel in die rus in, maar hulle nie, soos God gesê het: "Toe
het Ek in my toorn 'n eed afgelê: In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie." En
tog was sy werk ná die skepping van die wêreld reeds afgehandel, 4 want êrens
in die Skrif word van die sewende dag dit gesê: "En God het op die sewende dag
gerus van al sy werk," 5 terwyl hier weer gesê word: "In my rus sal hulle beslis
nie ingaan nie." 6 Dié wat vroeër die blye boodskap gehoor het, het dus vanweë
hulle ongehoorsaamheid nie in sy rus ingegaan nie, maar vir sommige bly die
moontlikheid bestaan om weer in sy rus in te gaan. 7 God het immers weer 'n dag
bepaal, naamlik "vandag", wanneer Hy, soos reeds voorheen aangehaal, soveel later
by monde van Dawid sê: "Vandag, as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig
wees nie." 8 As Josua hulle in die rus laat ingaan het, sou God nie daarná nog van
'n ander dag gepraat het nie. 9 Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk
van God, 10 want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos
God van Syne. 11 Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat
niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie. 12
Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee
snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en
murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. 13 Daar is ook niks
in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En
aan Hom moet ons rekenskap gee.

# DINSDAG

LEES:
*Hebreërs 4:1–13*

SOAP:
*Hebreërs 4:12–13*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Hebreërs 4:12-13*

DIE WOORD VAN GOD IS LEWEND EN KRAGTIG. DIT IS SKERPER AS ENIGE SWAARD MET TWEE SNYKANTE EN DRING DEUR SELFS TOT DIE SKEIDING VAN SIEL EN GEES EN VAN GEWRIGTE EN MURG. DIT BEOORDEEL DIE BEDOELINGS EN GEDAGTES VAN DIE HART. DAAR IS OOK NIKS IN DIE SKEPPING WAT VIR GOD ONSIGBAAR IS NIE; ALLES LÊ OOP EN BLOOT VOOR SY OË. EN AAN HOM MOET ONS REKENSKAP GEE.

*Oordenking*

Die Griekse woord wat vertaal word as "die Woord van God" is logos. Dit is dieselfde woord wat in Johannes 1 gebruik word, waar Jesus beskryf word as die Woord van God. Kerkvaders en Middeleeuse teoloë interpreteer al eeue lank die woord logos in Hebreërs 4:12 as Jesus, die Seun van God. Eers in die Hervorming is die woord logos as 'die Woord van God' vertaal.

Die Woord van God is nie beperk tot net die Skrif soos ons dit vandag ken nie. Logos bevat al die openbaring van God se Woord: Sy gesproke Woord, geskrewe Woord en die geïnkarneerde Woord, Jesus Christus. God se Woord is lewendig en aktief. Van die woorde op die bladsye van ons Bybels tot ons lewende Verlosser, is dit die Woord van God wat ons harte sien en beoordeel. Hy ken ons van binne en van buite, ons motiewe, stryd, begeertes en drome.

Ons word blootgestel aan God se Woord. Ons is oop en bloot voor Hom. Dit is goeie nuus! Dit is geen rede om te vrees nie, want die Woord van God, Jesus self, sien ons en ken ons. Hy is ons voorstander, Hy gaan voor ons uit en stel ons voor God as regverdig en heilig in Hom.

*Gebed*

Here Jesus, U is die Woord van God. U ken my heeltemal. U sien alles wat ek is en alles wat ek doen, en U sorg steeds vir my. Dankie dat U voor my aangesig is en my advokaat is. Help my om te onthou dat ek geen rede het om te vrees nie en dat ek ten volle in U kan rus. Amen

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Hebreërs 4:14-16*

14 Terwyl ons dan nou ’n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan
het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. 15
Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede
kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp
maar Hy het nie gesondig nie. 16 Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die
genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd
gered kan word.

# WOENSDAG

LEES:
*Hebreërs 4:14–16*

SOAP:
*Hebreërs 4:15–16*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Hebreërs 4:15-16*

DIE HOËPRIESTER WAT ONS HET, IS NIE EEN WAT GEEN MEDELYE MET ONS SWAKHEDE KAN HÊ NIE; HY WAS IMMERS IN ELKE OPSIG NET SOOS ONS AAN VERSOEKING ONDERWERP, MAAR HY HET NIE GESONDIG NIE. 16 KOM ONS GAAN DAN MET VRYMOEDIGHEID NA DIE GENADETROON, SODAT ONS BARMHARTIGHEID EN GENADE ONTVANG EN SO OP DIE REGTE TYD GERED KAN WORD.

*Oordenking*

In die Israelitiese offerstelsel, het die hoëpriester as advokaat vir die volk ingestaan. Die hoëpriester sou homself eers was en offers bring vir sy eie sondes. Dan sou hy namens die volk in die tempel ingaan en ’n offer bring vir al hulle sondes. Hy was die verteenwoordiger van die gemeente en het offers gebring aan God, sodat die hele volk van sonde gereinig kon word.

Jesus is ons Hoëpriester. Anders as die priesters in die Ou Testament, was Jesus sonder sonde. Hy het nooit nodig gehad om ’n offer vir sy eie sondes te bring nie, omdat Hy nie gesondig het nie. Hy alleen is in staat om ‘n blywende offer vir ons sondes aan te bied omdat Hy self geen sonde gehad het nie.

Al het Hy nie gesondig nie, is Jesus steeds in staat om empatie te toon met ons swakhede omdat Hy mens geword het. Deur Homself te verootmoedig en die mensdom aan te neem, kan Jesus namens ons ’n Hoëpriester wees. Hy is ons verteenwoordiger, die advokaat wat namens ons na God toe gaan en vir ons pleit. Hy het Homself opgeoffer vir ons sondes.

As gevolg van sy offer het ons niks om te vrees nie. Ons kan God met selfvertroue nader, maak nie saak wat ons gedoen het nie. Ons sondes word vergewe en ons verhouding met God word herstel. Ons Hoëpriester gaan voor ons uit en bied vir ons genade en vergifnis aan, omdat Hy ons swakhede ken.

*Gebed*

Jesus, ek het ontsag vir U. U het meer vir my gedoen as wat ek ooit sal verstaan of weet. Help my om U te vertrou as ek myself wil vertrou. Help my om te glo U is my advokaat. Help my om op U te leun en te glo dat u offer vir my genoeg is. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Hebreërs 5:1-10*

1 Elke hoëpriester is 'n mens wat uit die mense geneem en aangestel word om
vir hulle by God in te tree deur gawes en offers vir die sondes te bring. 2 Hy
kan meegevoel hê met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self aan swakheid
onderhewig is. 3 Om hierdie rede moet hy ook vir homself, net soos vir die volk,
offers bring vir die sondes. 4 Niemand eien hom die eers van hoëpriester toe nie,
hy word deur God daartoe geroep, net soos Aäron. 5 So het Christus hom ook nie
die waardigheid van Hoëpriester toegeëien nie, God het dit vir Hom gegee toe Hy
gesê het: "Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader." 6 En op 'n ander plek sê
Hy: "Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek." 7 Gedurende
sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en
smekinge geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy
eerbiedige onderworpenheid aan God. 8 Hoewel Hy die Seun was, het hy deur alles
wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is. 9 En toe Hy volmaaktheid bereik
het, het hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid
geword 10 en is Hy deur God verklaar tot Hoëpriester volgens die priesterorde van
Melgisedek.

## *Matteus 26:36-46*

36 Daarna kom Jesus met sy dissipels by 'n plek met die naam Getsemane, en Hy
sê vir hulle: "Sit hier terwyl Ek daar gaan bid." 37 Hy het vir Petrus en die twee
seuns van Sebedeus saamgeneem. Toe het Hy bedroef en beangs geword 38 en vir
hulle gesê: "Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My." 39 Hy het 'n
entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: "My
Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans
nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil." 40 Daarna kom Hy na die dissipels toe
terug en kry hulle aan die slaap. Hy sê toe vir Petrus: "Kon julle nie eens een uur
lank saam met My waak nie? 41 Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom
nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak." 42 'n Tweede keer het Hy gaan
bid en gesê: "My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat
Ek dit drink nie, laat u wil geskied." 43 Toe Hy terugkom, kry Hy hulle weer aan
die slaap, want van die vaak kon hulle nie hulle oë oophou nie. 44 Hy het hulle
weer alleen laat bly en 'n derde keer gaan bid en dieselfde woorde gesê. 45 Toe kom
Hy na die dissipels toe terug en sê vir hulle: "Slaap en rus julle nog? Die uur het
gekom. Die Seun van die mens word in die hande van sondaars oorgegee. 46 Staan
op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verraai, is hier naby."

# DONDERDAG

LEES:
*Hebreërs 5:1–10; Matteus 26:36-46*

SOAP:
*Hebreërs 5:7-8; Matteus 26:39*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Hebreërs 5:7-8; Matteus 26:39*

GEDURENDE SY AARDSE LEWE HET HY AAN GOD, WAT HOM UIT DIE DOOD KON RED, GEBEDE EN SMEKINGE GEOFFER MET HARDE GEROEP EN MET TRANE. EN SY GEBEDE IS VERHOOR VANWEË SY EERBIEDIGE ONDERWORPENHEID AAN GOD. HOEWEL HY DIE SEUN WAS, HET HY DEUR ALLES WAT HY GELY HET, GELEER WAT GEHOORSAAMHEID IS.

HY HET 'N ENTJIE VERDER GEGAAN EN DAAR GEKNIEL MET DIE GESIG TEEN DIE GROND EN GEBID: "MY VADER, AS DIT MOONTLIK IS, LAAT HIERDIE LYDENSBEKER BY MY VERBYGAAN. MOET NOGTANS NIE DOEN SOOS EK WIL NIE, MAAR SOOS U WIL."

*Oordenking*

As selfs Jesus gebid het en hom tot God bekeer het, moet ons definitief dieselfde doen. Jesus het God gevra om Hom van die dood te red maar Hy het ook geweet dat God se wil en plan groter as Syne was.

Jesus was nie skaam oor sy versoek nie. Hy het geweet dat die enigste manier om die mensdom van God se toorn te red, was om die sondes van die wêreld op Hom te neem en God se oordeel te ontvang. Jesus was nie bang vir die fisiese dood nie (alhoewel Hy waarskynlik nie daarna uitgesien het nie), maar in plaas daarvan het Hy gevrees dat Hy die toorn van God oor sonde in die gesig gestaar het. Jesus is die enigste mens wat God se heiligheid ten volle kan begryp, en die enigste een wat die volle gewig van sonde op ons verhouding met God kan verstaan.

Alhoewel hierdie gedeeltes teologies ingewikkeld en uitdagend is om te verstaan, kan ons berus in die wete dat Jesus die plan van God vervul het en namens ons Homself opgeoffer het. Selfs in sy lyding het sy liefde vir ons en sy toewyding aan God ons redding bewerkstellig.

*Gebed*

Here Jesus, ek sal nooit verstaan wat U namens my verduur het nie. Ek loof U vir u gehoorsaamheid aan God en u nederigheid. Help my om die diepte van U opoffering vandag nog 'n bietjie beter te verstaan. Amen.

# V R Y D A G

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Hebreërs 5:11-6:3*

11 In verband hiermee het ons baie te sê wat moeilik is om aan julle te
verduidelik, aangesien julle so traag is om te leer. 12 Hoewel julle teen hierdie
tyd self reeds onderrig behoort te gee, het julle weer nodig dat iemand julle in die
grondwaarhede van die woord van God moet onderrig. 'n Mens moet julle met
melk voed en nie met vaste kos nie. 13 Iemand wat nog van melk lewe, kan nie
saampraat oor wat reg of verkeerd is nie, want hy is nog 'n kind. 14 Vaste kos is
vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om
tussen goed en kwaad te onderskei.

6:1 Laat ons nie stilstaan by die eerste dinge wat aangaande Christus verkondig
word nie, maar verder gaan na die volle inhoud van die boodskap. Ons wil nie
opnuut die fondament lê deur te praat oor die bekering uit 'n leefwyse wat tot die
dood lei nie, of oor geloof in God, 2 die leer van die doop en die handopleiding,
die opstanding van die dooies en die ewige oordeel nie. 3 Ons sal dus verder gaan
as God dit toelaat.

# VRYDAG

LEES:
*Hebreërs 5:11–6:3*

SOAP:
*Hebreërs 6:1*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF ‘N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Hebreërs 6:1*

LAAT ONS NIE STILSTAAN BY DIE EERSTE DINGE WAT AANGAANDE CHRISTUS VERKONDIG WORD NIE, MAAR VERDER GAAN NA DIE VOLLE INHOUD VAN DIE BOODSKAP. ONS WIL NIE OPNUUT DIE FONDAMENT LÊ DEUR TE PRAAT OOR DIE BEKERING UIT 'N LEEFWYSE WAT TOT DIE DOOD LEI NIE, OF OOR GELOOF IN GOD.

*Oordenking*

Nadat die skrywer van Hebreërs baie oor die heerskappy van Christus verduidelik het, het hy 'n onverwagse verandering in sy boodskap aangebring. Hier vermaan hy sy gehoor oor hul volwassenheid en begrip van Christelike leer. Hulle het voortdurend dieselfde idees behandel en was onwillig om verder te gaan na dieper onderwerpe of om ander te leer wat hulle moes bemeester.

Alhoewel dit van uiterste belang is om 'n deeglike begrip te hê van die fundamentele waarhede van die evangelie en leerstellings van die geloof, moet ons verhouding met God en ons geloofslewe voortdurend groei en tot volwassenheid vorder. Dit beteken nie dat ons voortdurend nader aan God sal voel of beter sal wees in die 'Christelike lewe' nie. Dit beteken dat ons voortdurend nuwe dinge sal leer oor God se karakter, teologie, die Bybel en wat dit beteken om in gemeenskap met ander gelowiges te leef.

Ons doel is volwassenheid. Volwassenheid lyk nie altyd soos oorvloedige seën nie. In werklikheid kan dit dikwels die teenoorgestelde wees. Hoe meer ons die evangelie, God se karakter en sy hart vir die wêreld ken en verstaan, hoe meer kan ons ander leer. Laat ons mekaar aanmoedig om 'n dieper en meer volwasse begrip te hê van wat dit beteken om as 'n vrygekoopte volk van God te leef.

*Gebed*

God, help my om te veg teen die drang van selfvoldaanheid in my geloof. Alhoewel dit ongemak kan beteken, bid ek dat U my voortdurend sal help om meer volwasse te word en te groei in my geloof en in my verhouding met U. Help my om bereid te wees om U beter te leer ken, ongeag hoe dit in my lewe lyk. In Jesus se naam, Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Waarom laat ons versuim om aan God se beloftes te glo, ons harte verhard? Wat kan ons doen om ons ongeloof wat ons dikwels as 'realistiese' gedagtes of verwagtinge vermom, te bekamp?

2. Wat beteken dit dat die Woord van God "lewend en aktief" is?

3. Hoe kan die Woord van God die ware aard van ons harte ontbloot? As God reeds ons harte ken, aan wie word ons harte ontbloot as ons met God se Woord gekonfronteer word?

4. Wat beteken dit om gehoorsaamheid deur lyding aan te leer? Moes Christus ook gehoorsaamheid aanleer as Hy God is?

5. Hoe bring Christus se lyding aan jou troos?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 3

*Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.*

**HEBREËRS 7:25**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou vriende te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Die week, saam met jou daaglikse leeswerk, lees Genesis 14:17-24 om te leer van Melgisedek. Watter tipe hoëpriester was Melgisedek? Wat beteken dit dat Jesus 'n hoëpriester is in die orde van Melgisedek eerder as om 'n hoëpriester, soos die ander hoëpriesters van Israel, in die Levitiese orde te wees? Waarom moes Jesus se priesteramp uit 'n ander stelsel kom?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Hebreërs 6:4-12*

4 Wanneer mense een keer deur God verlig is, die hemelese gawe ontvang en deel
gekry het aan die Heilige Gees, 5 die goeie woord van God leer ken het en die
kragte van die toekomstige wêreld ondervind het 6 en dan nogtans afvallig geword
het, is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring. In hulleself kruisig
hulle immers weer die Seun van God en maak hulle hom in die openbaar tot 'n
bespotting. 7 Dit is soos met grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val.
As dit bruikbare gewasse voortbring vir dié wat dit bewerk, word dit deur God
geseën. 8 Maar as dit doringstruike en dissels oplewer, is dit waardeloos en is die
tyd naby dat God dit vervloek. Die uiteinde daarvan is die vuur. 9 Maar, geliefdes,
al praat ons in hierdie trant, is ons oor julle oortuig van beter: dat julle gered
sal word. 10 God is nie onregverdig nie: Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook
nie die liefde wat julle vir sy Naam betoon het deurdat julle julle medegelowiges
gedien het en nog dien nie. 11 Dit is ons vurige wens dat elkeen van julle end-
uit dieselfde ywer as vroeër aan die dag sal lê totdat die dinge waarop julle hoop,
vervul is. 12 Julle moet dus nie traag word nie, maar die voorbeeld navolg van dié
wat deur geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God beloof het.

## *Galasiërs 6:9*

9 Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie,
sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.

# MAANDAG

LEES:
*Hebreërs 6:4–12; Galasiërs 6:9*

SOAP:
*Hebreërs 6:11–12; Galasiërs 6:9*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF ‘N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: Hebreërs 6:11–12;* Galasiërs 6:9

DIT IS ONS VURIGE WENS DAT ELKEEN VAN JULLE END-UIT DIESELFDE YWER AS VROEËR AAN DIE DAG SAL LÊ TOTDAT DIE DINGE WAAROP JULLE HOOP, VERVUL IS. JULLE MOET DUS NIE TRAAG WORD NIE, MAAR DIE VOORBEELD NAVOLG VAN DIÉ WAT DEUR GELOOF EN GEDULD DEEL GEKRY HET AAN DIE DINGE WAT GOD BELOOF HET.

LAAT ONS DAN NIE MOEG WORD OM GOED TE DOEN NIE, WANT AS ONS NIE VERSLAP NIE, SAL ONS OP DIE BESTEMDE TYD OOK DIE OES INSAMEL.

*Oordenking*

Die vermaningsgedeeltes in Hebreërs het opgebou tot die waarskuwing teen afvalligheid in Hebreërs 6:4-8. Die skrywer van Hebreërs vermaan die lesers om nie hulle geloof te versaak deur van God weg te draai nie. Ons verlossing is veilig in Christus, omdat dit van sy werk, nie ons s'n nie, afhang. Die skrywer van Hebreërs wou egter sy gehoor herinner aan die belangrikheid van 'n hart wat aan God toegewy is. Ons moet daarvan bewus wees dat ons sondige natuur ons van God kan laat wegdryf, maar dat ons redding uiteindelik op Hom berus.

Na hierdie waarskuwing is daar 'n bemoedigende woord om hierdie deel van die boek af te sluit. Gelowiges in Christus word aangespoor om ywer in ons geloof aan die dag te lê tot die vervulling van ons hoop. Die vervulling van ons hoop is nie daarin geleë om seën van God te ontvang nie, maar eerder in die verlossing en ewige lewe saam met Christus wat ons ontvang.

Ons kan hierdie vervulling van ons hoop ontvang danksy die een in wie ons ons hoop plaas: Jesus Christus. Net soos ons nie moet traag word in ons denke nie, maar moet vorder tot volwassenheid, moet ons dade ook in navolging wees van die geloof wat ons bely. Deur geloof in Christus en sy wederkoms en volharding deur swaarkry, sal ons die ewige heerlikheid wat Christus ons beloof het, beërf.

*Gebed*

Here Jesus, ek is so dankbaar dat my redding nie van my eie werk afhang nie. Help my om te glo dat my verlossing seker is op grond van wat U gedoen het, nie op grond van enigiets wat ek gedoen het af gaan doen nie. U alleen is Here van my verlossing. Help my om geloof en volharding te hê terwyl ek wag op die vervulling van my hoop. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Hebreërs 6:13-20*

13 Toe God aan Abraham die belofte gemaak het, het Hy niemand groter as Hyself
gehad by wie Hy dit met 'n eed kon bevestig nie. Daarom het Hy dit met 'n eed
by Homself bevestig 14 en gesê: "Ek sal jou beslis ryklik seën en jou 'n baie groot
nageslag gee." 15 En so het Abraham dan, nadat hy geduldig gewag het, gekry
wat aan hom beloof is. 16 Mense lê 'n eed af by iemand groter as hulleself. Vir
hulle is dit die bevestiging van 'n saak, en dit sluit alle teëspraak uit. 17 En omdat
God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat sy besluit
onveranderlik is, het Hy dit met 'n eed gewaarborg. 18 Die twee onveranderlike
dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, en is
vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, 'n kragtige aansporing om vas te hou
aan die hoop op wat vir ons weggelê is. 19 Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en
onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is. 20 Daar het Jesus, ons
Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en Hy is vir ewig Hoëpriester volgens die
orde van Melgisedek.

# DINSDAG

LEES:
*Hebreërs 6:13–20*

SOAP:
*Hebreërs 6:19–20*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: Hebreërs 6:19-20*

HIERDIE HOOP BESIT ONS AS 'N VEILIGE EN ONBEWEEGLIKE LEWENSANKER, WAT AGTER DIE VOORHANGSEL VAS IS. DAAR HET JESUS, ONS VOORLOPER, TER WILLE VAN ONS INGEGAAN, EN HY IS VIR EWIG HOËPRIESTER VOLGENS DIE ORDE VAN MELGISEDEK.

*Oordenking*

Vroeër in Hebreërs 2:1 waarsku die skrywer sy lesers teen afvalligheid van die geloof. Hier, in hoofstuk 6, bied hy meer insig op hoe ons in ons geloof geanker kan bly. 'n Anker keer dat enigiets, van 'n groot skip tot 'n klein vissersbootjie, wegdryf na waar dit nie wil gaan nie. Hoe die wind en branders ook al die boot mag rondruk en pluk, sal dit, as dit geanker is, nie van sy plek wegbeweeg nie, ongeag die magte wat dit moet trotseer.

Ons hoop in Christus is die anker van ons geloof. Ons verlossing berus op Christus: solank ons in Hom geanker bly, sal ons nie wegdryf nie. Dit is sy werk, sy offer wat keer dat ons wegdryf van ons geloof, nie ons eie werk nie.

Ons kan seker wees van ons verlossing omdat Jesus Self ter wille van ons na God toe gaan. Soos die priesters in die Ou Testament is Jesus die een wat in God se teenwoordigheid ingaan en die offer vir ons sondes bring. Ons verlossing is veilig omdat Hy ons anker is. Net Hy sal keer dat ons wegdryf. Al wat ons moet doen, is om ons lewens aan Hom oor te gee.

*Gebed*

Here Jesus, ek glo dat U my hoop is. Ek het net vir U nodig om van my verlossing seker te wees. U het al die verlossingswerk gedoen. Help my om te glo wat U sê: my verlossing is veilig in U en danksy U. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Hebreërs 7:1-10*

1 Melgisedek was koning van Salem en priester van God die Allerhoogste. Dit is
Melgisedek wat vir Abraham tegemoet gegaan en hom geseën het toe Abraham
op pad terug was nadat hy die konings verslaan het, 2 en dit is ook aan hom dat
Abraham 'n tiende van al die oorlogsbuit gegee het. In die eerste plek, sy naam
Melgisedek beteken: koning van geregtigheid; en hy was ook koning van Salem,
en dit beteken: koning van vrede. 3 Niks is bekend omtrent sy vader en moeder
of sy afstamming of die begin en einde van sy lewe nie. Hy is soos die Seun van
God en hy bly priester vir altyd. 4 Let nou op hoe groot hierdie man was aan
wie Abraham, die stamvader, 'n tiende van die beste oorlogsbuit gegee het. 5 Die
priesters wat van Levi afstam, het volgens die bepaling van die wet die reg om 'n
tiende in te vorder van die volk, dit wil sê van hulle broers, wat net soos hulle
ook afstammelinge van Abraham is. 6 Maar Melgisedek, wat nie van Levitiese
afstamming was nie, het van Abraham 'n tiende geneem en hom, aan wie God sy
beloftes gegee het, geseën. 7 Dit is onbetwisbaar dat dit altyd die mindere is wat
deur die meerdere geseën word. 8 In die geval van die Levitiese priesters is dit
sterflike mense wat tiendes invorder, maar in die geval van Melgisedek iemand van
wie getuig word dat hy lewe. 9 'n Mens kan sê dat ook Levi, wat tiendes invorder,
deur Abraham aan Melgisedek die tiende gegee het, 10 want Levi was nog in die
liggaam van die stamvader toe Melgisedek vir Abraham tegemoet gegaan het.

# WOENSDAG

LEES:
*Hebreërs 7:1–10*

SOAP:
*Hebreërs 7:3*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: Hebreërs 7:3*

NIKS IS BEKEND OMTRENT SY VADER EN MOEDER OF SY AFSTAMMING OF DIE BEGIN EN EINDE VAN SY LEWE NIE. HY IS SOOS DIE SEUN VAN GOD EN HY BLY PRIESTER VIR ALTYD.

*Oordenking*

Die eerste keer waar daar melding gemaak word van priesters in die Skrif, is in Genesis 14 met die verhaal van Melgisedek, koning van Salem. Melgisedek was ʻn priester van God die Allerhoogste. Hy was koning van Salem, die stad wat later (en vandag) as Jerusalem bekend staan.

Melgisedek se priesterskap was anders as die Levitiese priesterskap wat deur Aäron ingestel is. Melgisedek se afstamming is nie in die Skrif opgeteken nie, maar wat wel verduidelik word, is die wyse waarop hy priester was, ʻn voorspraak vir die mense voor God.

In sy beskrywing van die priesterskap van Melgisedek, verduidelik die skrywer van Hebreërs die verskille tussen die soort hoëpriester wat ons in Christus het en die soort hoëpriester wat onder die Levitiese orde bestaan het. Jesus is die hoëpriester wat deur God aangestel is, nie deur sy afstamming nie. Hy verskil van die Levitiese priesterskap deurdat Hy ter wille van ons voor God kan gaan en ons van ons sonde kan reinig omdat Hy geen sonde het nie.

Jesus se priesterskap is anders. Hy is ons ewige voorspraak omdat Hy ewig is. Hy vergewe ons sondes omdat Hy geen sonde gehad het nie. Hy is ons hoëpriester wat altyd namens ons na God toe gaan.

*Gebed*

Jesus, U alleen is waardig om die amp van Hoëpriester te beklee. U is anders as al die priesters voor U omdat net U sondes kan vergewe. Dankie dat U my voorspraak is en vir ewig namens my voor die Vader verskyn. Amen

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Hebreërs 7:11-28*

11 Dit was in samehang met die Levitiese priesterskap dat die volk die wet van
Moses ontvang het. As hierdie priesterskap volmaaktheid kon bewerk, waarom was
dit dan nog nodig dat 'n ander priester volgens die priesterorde van Melgisedek
aangestel moes word, van wie daar nie gesê word dat hy 'n priester volgens
die orde van Aäron sou wees nie? 12 As daar 'n ander priesterskap kom, volg
noodwendig ook 'n verandering van die wet. 13 Hy van wie hierdie dinge gesê
word, behoort juis tot 'n ander stam, waaruit niemand ooit by die altaar diens
gedoen het nie. 14 Dit is algemeen bekend dat ons Here van Juda afstam, en
in verband met daardie stam het Moses niks oor die priesterskap gesê nie. 15
Die saak word nog duideliker as ons daaraan dink dat die ander priester wat te
voorskyn tree, ooreenkom met Melgisedek, 16 deurdat Hy priester word nie deur
die bepaling van die wet oor menslike afstamming nie, maar deur die krag van
onvernietigbare lewe. 17 Van Hom word getuig: "Jy is priester vir ewig volgens die
Priesterorde van Melgisedek." 18 Aan die een kant word die vroeëre bepaling dus
afgeskaf vanweë die kragteloosheid en nutteloosheid daarvan: 19 die wet het nie
volmaaktheid bewerk nie. Aan die ander kant het 'n beter hoop ingetree, waardeur
ons tot God nader. 20 Dit het nie sonder die bevestiging met 'n eed plaasgevind
nie. Die Leviete het wel priesters geword sonder die bevestiging met 'n eed, maar
Jesus met 'n eed deur God, wat vir Hom gesê het: "Die Here het dit met 'n eed
bevestig en Hy sal dit nie herroep nie: 'Jy is priester vir ewig.'" 22 So het Jesus
ook van 'n beter verbond borg geword. 23 Daar is ook 'n ander verskil: omdat die
dood die Levitiese priesters verhinder het om aan te bly, was daar baie wat mekaar
opgevolg het. 24 Omdat Jesus vir ewig bly, beklee Hy 'n priesterskap wat nie op
'n ander oorgedra word nie. 25 Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God
gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.
26 Vir ons was so 'n hoëpriester nodig, een wat heilig, skuldeloos en sonder smet
is, verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemele, 27 een wat
nie, soos die hoëpriesters, elke dag offers hoef te bring, eers vir sy eie sondes en
dan vir dié van die volk nie. Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir die sondes
gebring toe Hy Homself geoffer het. 28 Die wet stel mense as hoëpriesters aan, en
mense het swakhede; maar die uitspraak wat met 'n eed bevestig is en wat ná die
wet gekom het, stel die Seun aan as ewige en volmaakte Hoëpriester.

# DONDERDAG

LEES:
*Hebreërs 7:11–28*

SOAP:
*Hebreërs 7:25*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: Hebreërs 7:25*

DAAROM KAN HY OOK DIÉ WAT DEUR HOM NA GOD GAAN, EENS EN VIR ALTYD VERLOS: HY LEWE VIR ALTYD OM VIR HULLE BY GOD IN TE TREE.

*Oordenking*

Indien die Levitiese stelsel wat in Ou Testamentiese tye beoefen is, voldoende was om mense van hulle sondes te reinig en verlossing gebied het, sou God nooit 'n nuwe stelsel ingestel het nie. Sy belofte om 'n nuwe verbond tot stand te bring, het getoon hoedat die rituele en offerandes wat deur mense en die priesters gebring is, nie bedoel was om volkome verlossing te bewerk nie. Dit was 'n model van wat aan die kom was.

Toe kom Jesus. 'n Veranderde priesterskap het beteken dat die wet verander het. Ons staan nie meer onder die wette en vereistes van die Ou Testament nie omdat ons nou onder 'n nuwe priesterskap in Christus staan. Christus is ons hoëpriester. Net Hy kan ons volkome verlos. Net Hy leef om vir ons in te tree.

Jesus is ewig, anders as mensepriesters. Jesus het nie nodig om voortdurend die reinigings- en offerwerk te doen nie: Hy het Homself eens en vir altyd vir ons geoffer! Ons is volkome verlos – van elke oortreding, elke sonde, elke bose gedagte – en vir ewig gered – niks kan ons van God skei nie omdat ons verlossing van Christus afhang, nie ons self nie.

Die priesters in die Ou Testament het alleen in die heiligdom ingegaan omdat hulle ritueel van sonde gereinig was. Jesus bring ons saam met Hom in God se teenwoordigheid. Danksy Jesus kan ons kommunikasie met God hê. Deur sy werk is ons gereinig en volkome gemaak.

*Gebed*

Jesus, U alleen kan red. Ek is oneindig dankbaar dat U voor my gegaan en dit vir my moontlik gemaak het om by die Vader uit te kom. Ek is oorweldig deur die omvang van u werk en u offer vir my. Ek het U lief. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Hebreërs 8:1-6*

1 Die hoofsaak van wat gesê is, is dit: ons het 'n Hoëpriester, Een wat gaan sit
het aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemel. 2 Hy is die
bedienaar van die heiligdom, die ware verbondstent, wat deur die Here opgerig
is en nie deur 'n mens nie. 3 Elke hoëpriester word aangestel om gawes en offers
te bring; daarom moet ook hierdie Een iets hê om te offer. 4 As Hy nog op
aarde was, sou Hy nie eens priester kon wees nie, omdat volgens die wet daar
reeds priesters is wat die gawes offer. 5 Hulle bedien egter slegs 'n afbeelding en
skadubeeld van die hemelse heiligdom. Toe Moses die Goddelike opdrag gekry het
om die verbondstent op te rig, het God gesê: "Sorg dat jy alles maak volgens die
voorbeeld wat Ek jou op die berg gewys het." 6 Maar nou het Jesus 'n voortrefliker
priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op
uitnemender beloftes gegrond is.

*Kolossense 1:15-20*

15 Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping.

16 God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, magshebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep.

17 Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand.

18 Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem.

19 God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon

20 en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.

# VRYDAG

LEES:
*Hebreërs 8:1–6; Kolossense 1:15-20*

SOAP:
*Hebreërs 8:6; Kolossense 1:17-18*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: Hebreërs 8:6; Kolossense 1:17-18*

MAAR NOU HET JESUS 'N VOORTREFLIKER PRIESTERDIENS GEKRY DEURDAT HY MIDDELAAR IS VAN 'N BETER VERBOND WAT OP UITNEMENDER BELOFTES GEGROND IS.

VOOR ALLES WAS HY AL DAAR, EN DEUR HOM BLY ALLES IN STAND. HY IS DIE HOOF VAN DIE LIGGAAM, VAN DIE KERK. HY IS DIE OORSPRONG DAARVAN, HY IS DIE EERSTE, DIE EEN WAT UIT DIE DOOD OPGESTAAN HET, SODAT HY DIE EERSTE PLEK IN DIE HEELAL INNEEM.

*Oordenking*

Na sewe hoofstukke om uit te lê, kom die skrywer van Hebreërs tot sy lesers se redding om te probeer bepaal wat sy hoofpunt is, deur te sê: 'Die belangrikste punt van wat ons sê, is dit ...' (Heb 8: 1).

Jesus is ons Hoëpriester. Hy het 'n nuwe verbond, 'n nuwe heiligdom, 'n nuwe orde van aanbidding geskep. Jesus se bediening is nie net verhewe bo die Levitiese stelsel nie. Dit is beter as enige godsdienstige stelsel wat mense ontwikkel het. Hy is verhewe bo al ons strewe, al ons pogings om God te bereik en al ons goeie dade.

Jesus self is hierdie volkome bediening. Hy het nuwe beloftes aan ons gegee. Ons hoef nie meer in vrees te lewe of ons dade dop te hou nie. Daar is geen skaal wat ons in die regte rigting hoef te laat kantel nie. Jesus het alles verander. Hy is eerste in alles en gee ons die vryheid om van Hom afhanklik te wees in alles; van ons ewige verlossing tot ons alledaagse behoeftes. Hy is ons volkome bediening.

*Gebed*

Jesus, ek prys U. U is voor alle dinge. U hou alles bymekaar. Help my om U voortdurend eerste in my lewe te plaas. Help my om te glo dat daar niks is wat ek hoef te doen om u guns te verdien of my redding te verkry nie. U het dit alles reeds gedoen. U is verhewe bo alle dinge. In U naam, amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat hou dit vir ons in om God se beloftes te beërf? Watter rol speel geloof en deursettingsvermoë in die ontvangs van God se beloftes?

2. Waarom kan Jesus diegene wat na Hom toe kom, red? Watter kwalifikasies het Jesus wat die priesters in die Ou Testament nie gehad het nie?

3. Hoe verskil die offer van Jesus van die offers wat die Ou Testamentiese priesters vir die volk Israel sou maak?

4. Wat beteken dit dat Jesus ‘n volmaakte bediening het? Waarom is Sy bediening verhewe bo die Ou Testamentiese offerings-bediening?

5. Wat beteken dit dat Jesus die eerste plek in ons lewens het?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 4

*Hoeveel te meer sal die bloed van Christus ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien!*

**HEBREËRS 9:14**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou kerk te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Elke jaar word daar van die volk van Israel verwag om offers na die tempel te bring om versoen met God te wees. Hierdie offers was nie genoeg om hulle voortdurend van sonde te reinig nie, maar dit was noodsaaklik om dit elke jaar te herhaal. As gevolg van Christus se enigste offer, is ons vir ewig versoen met God. Daar is niks wat ons hoef te doen om onsself in versoening met Hom te bring nie. Ons streef egter dikwels daarna om God se guns in ons alledaagse lewe te verdien. Maak hierdie week 'n lys van die maniere waarop jy jouself probeer versoen met God of jou posisie met Hom probeer verbeter. Bely dat jy na Hom streef, vra Hom om jou te wys hoe Sy liefde vir jou niks met jou werke vir Hom te doen het nie.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Hebreërs 8:7-13*

7 As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou 'n tweede nie nodig
gewees het nie. 8 Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê:

"Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit.

9 Die nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie, en ek het hulle verwerp, sê die Here.

10 Dít is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees.

11 Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê: 'Jy moet die Here ken' nie. Hulle almal, klein en groot, sal My ken.

12 Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle nooit meer dink nie."

13 Deur van 'n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar, en wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn.

## *2 Korintiërs 3:4-6*

4 Ons sê dit omdat ons deur Christus ten volle op God vertrou. 5 Uit onsself is
ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid
kom van God, 6 wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond
te wees, nie van die letter nie, maar van die Gees. Die letter maak dood, die Gees
maak lewend.

# MAANDAG

LEES:
*Hebreërs 8:7–13; 2 Korintiërs 3:4-6*

SOAP:
*Hebreërs 8:7–8; 2 Korintiërs 3:5-6*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Hebreërs 8:7-8; 2 Korintiërs 3:5-6*

AS DAAR AAN DIE EERSTE VERBOND NIKS KORTGEKOM HET NIE, SOU 'N TWEEDE NIE NODIG GEWEES HET NIE. MAAR GOD BESTRAF DIE VOLK OOR HULLE TEKORTKOMING DEUR TE SÊ: "KYK DAAR KOM 'N TYD, SÊ DIE HERE, DAT EK MET ISRAEL EN JUDA 'N NUWE VERBOND SAL SLUIT."

UIT ONSSELF IS ONS NIE IN STAAT OM IETS TE BEDINK ASOF DIT UIT ONSSELF KOM NIE. ONS BEKWAAMHEID KOM VAN GOD, WAT ONS BEKWAAM GEMAAK HET OM BEDIENAARS VAN 'N NUWE VERBOND TE WEES, NIE VAN DIE LETTER NIE MAAR VAN DIE GEES. DIE LETTER MAAK DOOD, DIE GEES MAAK LEWEND.

*Oordenking*

Die Levitiese stelsel van rituele en offers was goed. God het dit geskep om aan die volk Israel sy heiligheid te toon, hulle bewus te maak van hul sonde en hulle as sy uitverkore volk te onderskei. Hierdie stelsel was egter nooit bedoel om ons te red nie. God het 'n verlange in die harte van sy volk geskep na meer, na 'n toekomstige Messias wat eendag aan al die vereistes van die wet sou voldoen en hulle vrymaak van die slawerny van sonde.

Die wet maak ons bewus van sonde (Rom. 7). Ons sou nie sonde, of die gevolge daarvan, herken sonder die wet nie. Die wet was nie sleg nie, en dit was ook nie bedoel om te red nie. Jesus alleen bied aan ons verlossing. Selfs getroue nakoming van die wet kan ons nie red nie. Jesus het die wet vervul, sodat ons gered kan word deur geloof in Hom.

Ons is nie meer aan die wet verbind nie. Ons is aan die Gees verbind, die nuwe verbond, een van vryheid en genade. Anders as die Israeliete in die Ou Testament, hoef ons nie meer uit te sien na die komende verlossing nie. Ons verlossing is volkome in Christus. Ons het die voorreg om met groot verwagting uit te sien na sy wederkoms!

*Gebed*

Here God, dankie dat U 'n weg gebaan het vir my verlossing. Dankie dat u die wet deur Christus vervul het en dat U my toelaat het om langs die kruis te leef. Help my om te onthou dat my werke en dade my nie red nie, maar dat redding alleen deur Christus is. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Hebreërs 9:1-10*

1 Die eerste verbond het voorskrifte vir die erediens gehad, en ook 'n aardse
heiligdom. 2 Die verbondstent is opgerig, en in die voorste gedeelte daarvan,
wat die Heilige genoem word, het die kandelaar en die tafel met die offerbrode
gestaan. 3 Agter die tweede voorhangsel was die gedeelte wat die Allerheiligste
genoem word. 4 Daarin was die goue wierookaltaar en die verbondsark, wat in
sy geheel met goud oorgetrek was. In die ark was die goue kruik met manna, die
kierie van Aäron wat gebot het, asook die plat klippe met die wet van die verbond
daarop geskrywe. 5 Bo-op die ark het die gerubs wat die heerlikheid van God
voorstel, hulle vleuels oor die versoendeksel uitgestrek. Op die besonderhede
kan ons nie nou verder ingaan nie. 6 Met die dinge só ingerig, het die priesters
gereeld die voorste gedeelte van die verbondstent binnegegaan om die dienste te
verrig. 7 Maar in die agterste gedeelte het alleen die hoëpriester ingegaan, en dit
net een keer in die jaar, en dan nie sonder bloed nie, om vir homself te offer en
vir die sondes wat die volk onwetend gedoen het. 8 Hiermee maak die Heilige
Gees duidelik dat die pad na die Allerheiligste toe nie oop is so lank as die voorste
gedeelte van die verbondstent bestaan nie. 9 Dit alles wys vooruit na die huidige
tyd waarin offergawes en diereoffers gebring word wat nie vir dié een wat dit
bring, 'n volkome skoon gewete kan gee nie. 10 Dit het net betrekking op voedsel,
drank en 'n verskeidenheid reinigingsgebruike. Dit is voorskrifte wat slegs die
uiterlike raak en wat opgelê is tot die tyd dat God 'n beter orde sou instel.

## *1 Korintiërs 6:19-20*

19 Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle
het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan
julleself nie: 20 julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle
liggaam verheerlik.

# DINSDAG

LEES:
*Hebreërs 9:1–10; 1 Korintiërs 6:19-20*

SOAP:
*Hebreërs 9:8–9; 1 Korintiërs 6:19-20*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Hebreërs 9:8-9; 1 Korintiërs 6:19-20*

HIERMEE MAAK DIE HEILIGE GEES DUIDELIK DAT DIE PAD NA DIE ALLERHEILIGSTE TOE NIE OOP IS SO LANK AS DIE VOORSTE GEDEELTE VAN DIE VERBONDSTENT BESTAAN NIE. DIT ALLES WYS VOORUIT NA DIE HUIDIGE TYD WAARIN OFFERGAWES EN DIEREOFFERS GEBRING WORD WAT NIE VIR DIÉ EEN WAT DIT BRING, ‘N VOLKOME SKOON GEWETE KAN GEE NIE.

OF BESEF JULLE NIE DAT JULLE LIGGAME ‘N TEMPEL VAN DIE HEILIGE GEES IS NIE? JULLE HET DIE HEILIGE GEES, WAT IN JULLE WOON, VAN GOD ONTVANG, EN JULLE BEHOORT NIE AAN JULLESELF NIE: JULLE IS GEKOOP, EN DIE PRYS IS BETAAL. JULLE MOET GOD DUS IN JULLE LIGGAAM VERHEERLIK.

*Oordenking*

Een keer per jaar sou die hoëpriester in Israel die tabernakel of tempel binnegaan op die Versoendag. Hy sou die Allerheiligste binnegaan, die binneste van die heiligdom, en wierook op die altaar sprinkel. Sodoende sou hy die offers bring en die gemeenskap van Israel reinig van hulle sonde. Dit was egter slegs ‘n tydelike oplossing. Dit moes jaar na jaar gedoen word, omdat hierdie ritueel, hierdie offers, nooit bedoel was om die volk volkome van hul sonde te reinig nie.

Die Israeliete het geweet dat dit ‘n tydelike oplossing vir hul sonde-probleem was. Nie net omdat God vir hulle gesê het dat Hy eendag ‘n Messias sou stuur om hulle van hul sonde te reinig nie, maar omdat hul eie gewete ook getuig het van die onvolledige aard van die Levitiese offerstelsel.

Ons is nie onder dieselfde stelsel nie. Christus het nie net ons sonde verwyder nie, maar ook ons skuldgevoelens. Sy werk aan die kruis maak ons gewete skoon, sodat ons kan rus in sy volledige werk. Die Ou-Testamentiese Israeliete se gewete kon nie gereinig word nie, want die werk was nog nie voltooi nie. Vandag is die werk klaar. Christus het ons verlossing deur sy offer voltooi. Ons gewete is skoon; ons hoef nie meer in vrees te lewe vir straf vir ons sonde nie. Dit is volbring!

*Gebed*

Here Jesus, U het dit gedoen! U het die verlossingswerk voltooi. Ek kan in volkome vryheid leef vanweë dit wat U gedoen het. Help my om te onthou en te glo dat u werk voltooi is en dat my gewete vry kan wees van skuld en skaamte. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Hebreërs 9:11-14*

11 Maar Christus het gekom as Hoëpriester van die weldade wat nou verwesenlik
is. Hy dien in die verbondstent wat groter en volmaakter is en nie deur mense
gemaak is nie, dit wil sê wat nie tot hierdie wêreld behoort nie. 12 Met sy eie
bloed en nie met dié van bokke en kalwers nie, het Hy net een maal die heiligdom
binnegegaan en ’n ewige verlossing tot stand gebring. 13 Wanneer die bloed van
bokke en bulle en die as van ’n vers op die onreines gesprinkel word, maak dit
hulle uiterlik rein. 14 Hoeveel te meer sal die bloed van Christus ons gewete bevry
van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien!
Hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan
God geoffer.

# WOENSDAG

LEES:
*Hebreërs 9:11–14*

SOAP:
*Hebreërs 9:13-14*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF ‘N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Hebreërs 9:13-14*

WANNEER DIE BLOED VAN BOKKE EN BULLE EN DIE AS VAN 'N VERS OP DIE ONREINES GESPRINKEL WORD, MAAK DIT HULLE UITERLIK REIN. HOEVEEL TE MEER SAL DIE BLOED VAN CHRISTUS ONS GEWETE BEVRY VAN DIE LAS VAN DADE WAT TOT DIE DOOD LEI, SODAT ONS DIE LEWENDE GOD KAN DIEN! HIERVOOR HET CHRISTUS IMMERS HOMSELF AS VOLKOME OFFER DEUR DIE EWIGE GEES AAN GOD GEOFFER.

*Oordenking*

Die offers in die Ou Testament was onvolmaak, maar dit was effektief. Hulle doel was om die gevolge van sonde aan die mense te wys. Enige oortreding teen God, die gemeenskap of 'n ander persoon het die dood van 'n dier vereis, van 'n groot bul tot 'n klein voël. Hierdie offers het die aanbidder 'n tyd lank gereinig, waardeur hulle sonder vrees of skuldgevoelens kon terugkeer na die gemeenskap en aanbid.

In die Levitiese stelsel, is die dood wat vereis word as die betaling vir sonde deur 'n dier gedek. Diere is doodgemaak, nie die sondaar self nie. Die dier het die straf vir die persoon se sondes geneem. Jesus het Homself aangebied as 'n offer, nie vir sy eie sondes nie (omdat Hy geen gehad het nie), maar as 'n plaasvervangende offer vir die ganse mensdom. Jesus was nie skuldig nie. Hy het die sondes van die mensdom eens en vir altyd op Hom geneem. Sy ewige natuur het Hom toegelaat om ons ewig van sonde te reinig en nie meer die dood van enige aard nodig is nie.

As die offer van diere as 'n betaling vir sonde beskou word, hoeveel te meer het die onbevlekte, ewige offer van Christus die skuld wat ons vir ons sondes moet betaal, gedek? Jesus reinig ons gewete vir ewig. Ons kan God met vryheid aanbid met die wete dat ons nooit gestraf of beoordeel sal word vir ons sondige natuur nie.

*Gebed*

Here Jesus, ek glo u offer is genoeg. U het die skuld wat ek skuld vir my sondes betaal. Ek glo u offer het my volkome van my sonde gereinig. Dankie dat U Uself gegee het, sodat ek in vryheid kon leef en 'n verhouding met U kan hê. Amen

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Hebreërs 9:15-28*

15 Daarom is Hy ook die Middelaar van 'n nuwe verbond. Sy dood het plaasgevind om mense te verlos van die oortredinge wat onder die eerste verbond begaan is, sodat dié wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang. 16 Dit is soos met 'n testament: daar moet eers bewys word dat die testamentmaker dood is, 17 want 'n testament word alleen geldig by die dood van die testamentmaker; dit word nooit van krag so lank as hy nog leef nie. 18 Daarom is die eerste verbond ook nie sonder bloed ingestel nie. 19 Nadat Moses al die gebooie van die wet aan die hele volk oorgedra het, het hy bloed van kalwers en bokke saam met water geneem en met rooi wol en hisop die wetboek self sowel as die hele volk besprinkel 20 en gesê: "Dit is die bloed van die verbond wat God vir julle ingestel het." 21 Ook die verbondstent en al die voorwerpe vir gebruik by die erediens het hy op dieselfde wyse met die bloed besprinkel. 22 Byna alles word volgens die wet met bloed gereinig, en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie.

23 Die aardse afbeeldings van die hemelse dinge moes dus noodwendig deur hierdie middele gereinig word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie. 24 Christus het nie ingegaan in 'n heilgdom wat deur mense gemaak is en net 'n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn. 25 Hy het nie ingegaan om Homself herhaaldelik te offer nie, soos die hoëpriester elke jaar die Allerheiligste binnegaan met bloed wat nie sy eie is nie. 26 Dan sou Christus immers herhaaldelik moes gely het, reeds van die skepping van die wêreld af. Maar nou het Hy net een keer in die voleinding van die tye verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem. 27 'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel. 28 So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag.

# DONDERDAG

LEES:
*Hebreërs 9:15–28*

SOAP:
*Hebreërs 9:27-28*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Hebreërs 9:27-28*

‘N MENS IS BESTEM OM NET EEN MAAL TE STERF, EN DAARNA KOM DIE OORDEEL. SO IS CHRISTUS OOK NET EEN MAAL GEOFFER OM DIE SONDES VAN BAIE WEG TE NEEM. AS HY DIE TWEEDE KEER VERSKYN, KOM HY NIE IN VERBAND MET SONDE NIE, MAAR OM VERLOSSING TE BRING VIR DIÉ WAT HOM VERWAG.

*Oordenking*

Jesus se dood het ‘n nuwe verbond tot stand gebring. Sy werk het ons permanent gereinig van sonde en skuldgevoelens. Anders as die priesters wat voortdurend offers in die Ou Testament aanbied, hoef Jesus nie voortdurend te sterf as ‘n offer vir ons sondes nie. Sy werk was ná een opoffering voltooi en finaal.

Op dieselfde manier sal ons een keer sterf, Christus het een maal vir sondes gesterf. Hy belowe om weer terug te keer, nie om oordeel te bring nie, maar om verlossing te bring. Ons het die voorreg om aan hierdie kant van die kruis te kan woon. Ons hoef nie in vrees te leef nie; ons kan in hoop leef. Ons hoop is veilig, want Jesus is ons hoop.

Sy bediening is baie beter as enigiets wat voor Hom gekom het (of enigiemand wat na Hom kan kom). Niks wat ons doen, niks wat ons wil bereik of probeer doen om sy guns te verkry, sal ons redding bring nie. Ons word alleen deur sy genade gered. Ons kan Sy werk vertrou, glo dat dit voltooi is en aan geankerd leef in Hom as ons hoop.

*Gebed*

Here Jesus, U alleen is my hoop. U is die weg van verlossing. Help my om u offer en u genade te onthou. Help my om U te glo as U sê dat u genade vir my genoeg is. Ek wil ‘n lewe lei wat U eer deur op U te hoop en gretig op u terugkoms te wag. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Hebreërs 10:1-18*

1 Die wet van Moses is slegs ’n skadubeeld van die weldade wat sou kom, nie
’n werklike beeld daarvan nie. Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offers
gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring, nooit volkome van sonde
vrymaak nie. 2 As dié wat offers bring, eens en vir altyd gereinig en nie meer van
sondes bewus was nie, sou hulle immers opgehou het om offers te bring. 3 Maar
nou herinner die offers juis jaar na jaar aan die sondes, 4 omdat die bloed van
bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem. 5 Daarom sê Christus met sy
koms in die wêreld:

“Dit is nie diereoffer en graanoffer wat u wou hê nie, maar die liggaam wat U My
gegee het. 6 Brandoffers en sondeoffers het U nie behaag nie!

7 Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. In die boekrol is
dit van My geskrywe.”

8 Eers sê Hy: “Diereoffers en graanoffers, brandoffers en sondeoffers wou U nie
hê nie en het U nie behaag nie,” hoewel hierdie offers deur die wet voorgeskryf
word. 9 Daarna sê Hy: “Kyk, Ek het gekom om u wil te doen.” Hy skaf dus die
eerste offers af om ’n ander offer in die plek daarvan te stel. 10 Omdat God dit so
wou, is ons vir hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring
het, eens en vir altyd. 11 Verder, elke priester staan dag vir dag sy diens en verrig,
en bring elke keer weer dieselfde offers, wat tog nooit die sondes kan wegneem
nie. 12 Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan
die regterhand van God gaan sit. 13 Nou wag Hy daar totdat sy vyande aan Hom
onderwerp is. 14 Deur die één offer het hy dié wat vir God afgesonder word, vir
altyd volkome van sonde vrygemaak. 15 Ook die Heilige Gees betuig dit aan ons.
Eers sê Hy: 16 “Dit is die verbond wat Ek met hulle na daardie dae sal sluit, sê die
Here. Ek sal hulle my wette in die hart gee, in hulle verstand sal Ek dit skrywe. 17
Dan sê Hy verder: “Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink
nie.” 18 Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie.

## *Romeine 5:20-21*

20 Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die
sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword. 21 Die doel was dat,
soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vryspraak
ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons
Here.

# VRYDAG

LEES:
*Hebreërs 10:1–18; Romeine 5:20-21*

SOAP:
*Hebreërs 10:1–2; Romeine 5:20-21*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Hebreërs 10:1-2; Romeine 5:20-21*

DIE WET VAN MOSES IS SLEGS ‘N SKADUBEELD VAN DIE WELDADE WAT SOU KOM, NIE ‘N WERKLIKE BEELD DAARVAN NIE. VOORTDUREND, JAAR NA JAAR, WORD DIESELFDE OFFERS GEBRING, EN TOG KAN DIE WET DIÉ WAT DIE OFFERS BRING, NOOIT VOLKOME VAN SONDE VRYMAAK NIE. AS DIÉ WAT OFFERS BRING, EENS EN VIR ALTYD GEREINIG EN NIE MEER VAN SONDES BEWUS WAS NIE, SOU HULLE IMMERS OPGEHOU HET OM OFFERS TE BRING.

DIE WET HET BYGEKOM OM DIE OORTREDINGE NOG MEER TE MAAK; EN HOE MEER DIE SONDE GEWORD HET, HOE OORVLOEDIGER HET DIE GENADE GEWORD. DIE DOEL WAS DAT, SOOS DIE SONDE DEUR DIE DOOD HEERSKAPPY GEVOER HET, DIE GENADE DEUR DIE VRYSPRAAK OOK HEERSKAPPY KAN VOER EN TOT DIE EWIGE LEWE KAN LEI DEUR JESUS CHRISTUS ONS HERE

*Oordenking*

In Hebreërs hoofstuk 10 het die skrywer ‘n ander manier beskryf waarop Christus hoër gesag het. Hy het Christus se gesag wat hoër is as die engele, die priesterdom, die ou verbond en die heiligdom verduidelik. Nou het hy verduidelik hoe Christus beter is as die wet.

Die wet maak voorsiening vir tydelike reiniging van die offers wat elke jaar gebring is. Die wet was egter gebrekkig. Daar was geen offer in die wet wat mense permanent van hulle sonde kon reinig nie, tot Jesus. Daar was geen sitplek in die tabernakel of die tempel nie, wat toon dat die werk van die priester nooit voltooi was nie, en daarom kon hulle nooit gaan sit nie. Nadat Jesus Homself namens die mensdom geoffer het, het Hy egter aan die regterhand van God gaan sit omdat sy werk voltooi was.

God het sy wet op ons harte geskryf in ons gewete. Die wet maak ons bewus van ons sonde. Afgesien van Christus, sal ons nooit vrede in ons gewete ervaar nie. Wanneer ons die genade van Christus aanneem, sy offer aanvaar as genoeg om die betaling vir ons sonde te dek, ervaar ons vrede. Ons kan waarlik rus ervaar wanneer ons Sy genadige gawe van geregtigheid aanvaar.

*Gebed*

Jesus, ek aanvaar die genade wat U my gegee het. Ek glo dat U offer my sondes bedek het. Help my om te lewe soos ek dit glo. Help my om op te hou om goedkeuring van U en ander te kry. Help my om te glo dat u genade oorvloedig is en vir my genoeg is. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Waarom was dit vir God belangrik om 'n nuwe verbond met sy volk op te stel? Hoe is Christus die verwesenliking van die nuwe verbond?

2. Waarom is offers en rituele nie meer nodig vir 'n verhouding met God nie? Hoe het Christus se kruisdood die manier waarop ons tot God nader, verander?

3. Aangesien Christus alreeds ons sondes gedra het, dit van ons verwyder het en aan ons toegang tot God verleen het, waarom is dit dan nodig dat Hy weer moet kom?

4. As die Ou-Testamentiese wette nie bedoel was om die mense van God te red nie, wat was dan die doel van hierdie ou stelsel?

5. Wat beteken dit dat waar sonde toegeneem het, genade ook toegeneem het? Hoe laat die erkenning van ons sonde ons die genade van God duideliker sien?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 5

*Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.*

**HEBREËRS 10:23**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir sendelinge te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Hebreërs 10:24-25 vermaan ons om mekaar aan te moedig, bymekaar te kom en mekaar tot goeie dade aan te spoor. Wy jouself toe om elke dag hierdie week op een van hierdie maniere een suster of broer in Christus op te bou. Teken in ‘n joernaal die maniere aan waarop jy sien hoe God in jou hart en lewe werk asook die lewens van jou medegelowiges terwyl julle probeer om mekaar aan te moedig en op te bou.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

*Hebreërs 10:19-25*

19 Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die
heiligdom, 20 en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy
vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. 21 En terwyl ons
Hom ook as groot priester oor die huis van God het, 22 laat ons tot God nader
met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig
van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. 23 Laat ons styf
vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof
het. 24 Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en
goeie dade. 25 Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos
party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en
dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

# MAANDAG

LEES:
*Hebreërs 10:19–25*

SOAP:
*Hebreërs 10:23–25*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP: Hebreërs 10: 23-25*

"LAAT ONS STYF VASHOU AAN DIE HOOP WAT ONS BELY, WANT GOD IS GETROU: HY DOEN WAT HY BELOOF HET. LAAT ONS OOK NA MEKAAR OMSIEN DEUR MEKAAR AAN TE SPOOR TOT LIEFDE EN GOEIE DADE. ONS MOENIE VAN DIE SAMEKOMSTE VAN DIE GEMEENTE AF WEGBLY SOOS PARTY SE GEWOONTE IS NIE, MAAR MEKAAR EERDER AANMOEDIG OM DAARHEEN TE GAAN, EN DIT DES TE MEER NAMATE JULLE DIE OORDEELSDAG SIEN NADER KOM."

*Oordenking*

Wanneer ʻn boot behoorlik geanker is, sal dit nie deur die verandering in getye of ʻn skielike rukwind beweeg word nie. Wanneer ʻn boot nie behoorlik geanker is nie, sal dit wegdryf met die kleinste verandering in toestande. Dit is nie die boot wat vas aan die anker is wat voorkom dat die boot beweeg nie, maar die anker wat vas is aan die see se bodem.

In ons Christelike geloof, is Christus ons anker. Ons anker is stewig oor wie Hy is. Ons is nie afhanklik van ons eie greep op ons geloof, ons gevoelens, twyfel of selfs aksies nie. Christus alleen is, Hy wat ons getrou in ons geloof maak. Waneer ons aan Hom vashou, sal ons nie vergaan nie.

Ons Christelike gemeenskap is ʻn onvervangbare bate in ons geloof. Die outeur van Hebreërs moedig sy lesers aan om mekaar te bemoedig, bymekaar te kom en vir mekaar lief te wees. Wanneer ons aktief in ʻn geloofsgemeenskap is, kan ons mekaar help om getrou in ons geloof te bly, mekaar te bemoedig en mekaar opbou, sodat ons nie sal vergaan nie.

*Gebed*

Here Jesus, dankie dat U my anker is. Ek is vol vertroue in my geloof, want my geloof rus in U hande en nie my eie nie. Help my om ʻn aanmoediging vir my gemeenskap te wees. Maak my oë oop om maniere raak te sien hoe ek my broers en susters in Christus kan bemoedig, liefhê en opbou, sodat ons almal naby aan U kan bly. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Hebreërs 10:26-39*

26 Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang
het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie. 27 Daar bly alleen 'n
verskriklike verwagting oor van oordeel en 'n gloeiende vuur wat die teenstanders
van God sal verteer. 28 As iemand die wet van Moses oortree, en twee of drie
getuies bevestig dit, word hy nie begenadig nie, hy word doodgemaak. 29 Hoeveel
swaarder straf, dink julle, sal hy kry wat die Seun van God verag het, die bloed van
die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het en die Gees van genade beledig
het? 30 Ons weet tog wie Hy is wat gesê het: "Dit is my reg om te straf; Ek sal
vergeld;" en verder: "Die Here sal oor sy volk oordeel." 31 Dit is verskriklik om in
die hande van die lewende God te val.

32 Dink terug aan vroeër dae toe God julle tot die lig gebring het, hoe julle in die
stryd staande gebly het toe julle baie moes ly. 33 Deels is julle deur beledigings en
vervolging openlik tot bespotting gemaak en deels het julle gely omdat julle julle
vereenselwig het met ander wat hierdie dinge oorgekom het. 34 Julle het met die
gevangenes meegevoel gehad, en toe op julle besittings beslag gelê is, het julle dit
met blymoedigheid aanvaar omdat julle geweet het dat julle 'n besitting het wat
beter en blywend is. 35 Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie: dit
hou groot beloning in. 36 Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te
doen en te ontvang wat Hy beloof het. 37 Nog net "'n kort, kort tydjie, en Hy wat
kom, sal kom en nie talm nie. 38 En wie deur My vrygespreek is omdat hy glo, sal
lewe; maar as hy terugdeins, het Ek aan hom niks meer nie." 39 Maar ons is nie
van dié wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe.

# DINSDAG

LEES:
*Hebreërs 10:26–39*

SOAP:
*Hebreërs 10:36–39*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP: Hebreërs 10:36-39*

"VOLHARDING IS WAT JULLE NODIG HET OM DIE WIL VAN GOD TE DOEN EN TE ONTVANG WAT HY BELOOF HET. NOG NET 'N KORT, KORT TYDJIE EN HY WAT KOM SAL KOM EN NIE TALM NIE. EN WIE DEUR MY VRYGESPREEK IS OMDAT HY GLO, SAL LEWE, MAAR AS HY TERUGDEINS, HET EK AAN HOM NIKS MEER NIE. MAAR ONS IS NIE VAN DIÉ WAT TERUGDEINS EN VERLORE GAAN NIE; NEE, ONS GLO EN ONS SAL LEWE."

*Oordenking*

Uithouvermoë is die kenteken van 'n ware dissipel van Christus. Uithouvermoë is iets wat ons moet leer en inoefen dwarsdeur ons lewe as 'n Christen. Uithouvermoë in die geloof is hoe ons geheilig word, hoe ons meer en meer soos Jesus word. Sonder uithouvermoë sal ons baie gou moedeloos raak.

Hierdie verse oor uithouvermoë dien as 'n oorgang (van 'n groot afdeling in die Bybel) oor die oppergesag van Christus na die praktiese toepassing vir die gelowige. Die outeur is op die punt om vir ons baie voorbeelde van hulle wat uithouvermoë gehad het, te wys. Hulle het verduur, want hulle was gefokus op die beloftes van God, selfs al was dit nie in hulle leeftyd vervul nie. Ons word geroep om tussen hulle te wees wie se geloof deur hulle uithouvermoë bewys is.

Uithouvermoë is ons bewys van ons vertroue dat God Sy beloftes sal nakom. God se bereidwilligheid en almag om Sy beloftes te hou, is nie afhanklik van ons geloof nie. As ons nie verduur en glo nie, sal God NIE ophou om Sy beloftes na te kom nie. Sy beloftes hang van Sy karakter af. Alles waarna die outeur van Hebreërs in die eerste tien hoofstukke verwys, wys hierna: Jesus is almagtig en niks kan Sy werk keer nie.

As gevolg van Jesus, het ons rede om te verduur en uit te hou. Kom ons hou aan in ons geloof en twyfel nie, kom ons hou aan en bly standvastig in ons geloof en stel ons hoop in Christus.

*Gebed*

Jesus, gee my die genade om ter wille van my geloof, te verduur. Help my om U beloftes raak te sien as die krag om te verduur en uit te hou, eerder as die seisoen of tyd. Vermeerder my vertroue in U vermoë en bereidwilligheid om U beloftes te hou. Ek wil U glo en ek wil verduur en uithou totdat U my na U toe roep. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Hebreërs 11:1-7*

1 Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees
van die dinge wat ons nie sien nie. 2 Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar
oor die mense van die ou tyd met soveel lof getuig is. 3 Omdat ons glo, weet ons
dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie
ontstaan uit iets wat ons sien nie. 4 Omdat Abel geglo het, het hy 'n beter offer
aan God gebring as Kain. Vanweë Abel se geloof het hy van God bevestiging
ontvang dat hy 'n opregte man is, want God het sy offers aangeneem; en deur
dieselfde geloof spreek hy nou nog, al is hy reeds dood. 5 Omdat Henog geglo het,
is hy weggeneem sonder dat hy gesterf het, en was hy nêrens te vind nie, omdat
God hom weggeneem het. Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem
is, geleef het soos God dit wou. 6 As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te
doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat
hom soek beloon. 7 Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam toe
hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy die ark
gebou om sy huisgesin te red. Sy geloof was 'n veroordeling van die wêreld, maar
dit het hom erfgenaam gemaak van die vryspraak wat deur die geloof kom.

# WOENSDAG

LEES:
*Hebreërs 11:1–7*

SOAP:
*Hebreërs 11:1–2*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP: Hebreërs 11:1-2*

"OM TE GLO, IS OM SEKER TE WEES VAN DIE DINGE WAT ONS HOOP, OM OORTUIG TE WEES VAN DIE DINGE WAT ONS NIE SIEN NIE. DIT IS IMMERS VANWEË HULLE GELOOF DAT DAAR OOR DIE MENSE VAN DIE OU TYD MET SOVEEL LOF GETUIG IS."

*Oordenking*

Die mense van die Ou Testament het nie voorbeeld na voorbeeld en storie na storie van God se getrouheid gehad nie. Hulle het net God se beloftes en wette gehad. Hulle het Hom geglo oor wie Hy was. Hy het nog nie sy beloftes vervul nie, maar hulle het geglo wat hulle nie kon sien nie en in sy getrouheid vertrou.

Die helde in die Bybel het geglo dat God sou doen wat Hy belowe het. Hulle het nie die Bybel gehad om oor God se getrouheid in die verlede te lees nie. Hulle het net hulle geloof gehad dat Hy sy beloftes sou vervul. Hulle was seker dat God Sy beloftes sou vervul, selfs al sou hulle dit nie sien nie. Meeste van hulle het ook nie die vervulling daarvan in hulle leeftyd gesien nie, tog was hulle oortuig van God se bereidwilligheid en almag om sy beloftes te vervul.

Wanneer ons oortuig is dat God sal doen wat Hy gesê het, dan is ons geloof oortuigend. Ons het ontelbare voorbeelde van God se getrouheid en daarom behoort dit vir ons makliker te wees om God te vertrou en sy beloftes te glo. Soos ons in ons geloof groei, mag ons leer om Hom, veral nou, meer as ooit te vertrou. Meer en meer te vertrou of ons Hom kan sien werk of nie, want sy getrouheid het nie verander nie. Mag ons oortuig wees, bo enige twyfel, van dit wat ons nie kan sien nie.

*Gebed*

Here God, U is getrou. Ek wil U glo, maar ek is bang en word ontmoedig wanneer ek U nie sien werk nie. Gee my die uithouvermoë om aan te hou om op U te vertrou ten spyte van my gevoelens. Laat my geloof van U afhanklik wees, nie van hoe ek voel nie. In Jesus naam, Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Hebreërs 11:8-22*

8 Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om
weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder
om te weet waar hy sou uitkom. 9 Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde
land gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land. In tente het hy daar gewoon,
en so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was,
10 want hy het uitgesien na die stad wat vaste fondamente het en waarvan God
self die ontwerper en bouer is. 11 Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara
onvrugbaar was en hy al te oud, krag ontvang om 'n kind te verwek, omdat hy
God wat dit beloof het, getrou geag het. 12 Die gevolg was dat daar van een man,
'n man wat nie meer 'n kind kon verwek nie, kinders afgestam het so talryk soos
die sterre van die hemelruim en so baie soos die sand van die see. 13 Terwyl hulle
steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof
is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle erken dat
hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. 14 Mense wat so praat, gee
daarmee duidelik te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland. 15 As hulle terug
verlang het na daardie land waaruit hulle weggetrek het, sou hulle die geleentheid
gehad het om daarheen terug te gaan. 16 Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit
is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word
nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak. 17-18 Omdat Abraham geglo
het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. Ja, hy wat die
belofte ontvang het en aan wie gesê is: "Uit Isak sal jou nageslag gebore word," het
gereed gestaan om sy enigste seun te offer. 19 Hy was daarvan oortuig dat God by
magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te
stel, terug ontvang het. 20 Omdat Isak geglo het, het hy Jakob en Esau geseën met
die oog op die toekoms. 21 Omdat Jakob geglo het, het hy op sy sterfbed albei die
seuns van Josef geseën en tot God gebid terwyl hy op die knop van sy kierie leun.
22 Omdat Josef geglo het, het hy kort voor sy dood melding gemaak van die uittog
van die Israeliete en opdrag gegee in verband met sy liggaam.

# D O N D E R D A G

LEES:
*Hebreërs 11:8–22*

SOAP:
*Hebreërs 11:8*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP: Hebreërs 11:8*

OMDAT ABRAHAM GEGLO HET, HET HY GEHOOR GEGEE TOE GOD HOM GEROEP HET OM WEG TE TREK NA DIE PLEK TOE WAT HY AS ERFDEEL SOU ONTVANG. HY HET WEGGETREK SONDER OM TE WEET WAAR HY SOU UITKOM.

*Oordenking*

Abraham het God vertrou. Deur Abraham se geloof is hy as geregverdig voor God gereken. Sy geloof was nie net ongekend nie, maar het ‘n uitwerking gehad op sy nageslag. Abraham het God steeds geglo al het God hom gevra om vreemde, ongehoorde dinge te doen. Abraham het na ‘n onbekende land getrek, as vreemdeling gewoon, en amper op God se bevel sy seun geoffer. Abraham se getrouheid het geslagte lank ‘n kragtige uitwerking op sy familie gehad.

Sara het in navolging van haar man se voorbeeld groot geloof gehad. Selfs al het sy getwyfel, het sy geglo dat God op haar hoë ouderdom vir haar ‘n kind sou gee. Isak het God geglo en sy kinders geseën te midde van onsekerheid en terwyl hy nog as ‘n vreemdeling gewoon het in die land wat God aan hulle beloof het. Jakob en Josef se geloof was steeds vir hulle families tot seën terwyl hulle vasgehou het aan die hoop dat God eendag aan hulle sou gee wat Hy beloof het.

Hoewel Abraham, Sara, Isak, Jakob en Josef nooit die uiteindelike vervulling van God se belofte aan hulle gesien het nie, was God getrou en het Hy aan hulle glimpse gegee dat Hy aan die werk was. Hulle geloof was buitengewoon omdat hulle God steeds vertrou het al het hulle getwyfel. Mag ons soos Abraham wees en aan God se beloftes vashou ongeag ons omstandighede en ons families en gemeenskappe nog geslagte lank die uitwerking daarvan beleef.

*Gebed*

Here God, ek begeer geloof soos Abraham s’n. Help my om aan u beloftes vas te hou ongeag hoe ek voel of wat U van my vra. Help my om aan U vas te hou, nie aan wat U vir my gegee het nie. U is getrou, en ek wil U volg waar U my ook al lei. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Hebreërs 11:23-31*

23 Omdat die ouers van Moses geglo het, het hulle hom na sy geboorte drie
maande lank weggesteek toe hulle sien dat hy 'n mooi kindjie is. Hulle was nie
bang vir die bevel van die koning nie. 24 Omdat Moses geglo het, het hy toe hy
groot geword het, geweier om die seun genoem te word van die farao se dogter.
25 Hy het verkies om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God
as om die kortstondige genieting van sonde te hê. 26 Die smaad ter wille van die
Christus het hy 'n groter rykdom geag as die skatte van Egipte, omdat hy na die
beloning uitgesien het. 27 Omdat hy geglo het, het hy Egipte verlaat sonder dat
hy vir die woede van die koning bang was, Hy het volhard soos iemand wat die
onsienlike God sien. 28 Omdat hy geglo het, het hy die pasga ingestel en die bloed
aan die deurkosyne laat smeer sodat die engel van die dood nie die eersgeborenes
van Israel sou tref nie. 29 Omdat die Israeliete geglo het, het hulle deur die
Rooisee getrek soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars verdrink het toe
hulle dit ook probeer doen het. 30 Omdat die Israeliete geglo het, het die mure
van Jerigo geval nadat hulle sewe dae daaromheen getrek het. 31 Omdat Ragab,
die prostituut, geglo het, het sy die verkenners vriendelik ontvang en het sy nie
omgekom saam met dié wat aan God ongehoorsaam was nie.

# VRYDAG

LEES:
*Hebreërs 11:23–31*

SOAP:
*Hebreërs 11:26–27*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP: Hebreërs 11:26-27*

DIE SMAAD TER WILLE VAN DIE CHRISTUS HET HY 'N GROTER RYKDOM GEAG AS DIE SKATTE VAN EGIPTE, OMDAT HY NA DIE BELONING UITGESIEN HET. OMDAT HY GEGLO HET, HET HY EGIPTE VERLAAT SONDER DAT HY VIR DIE WOEDE VAN DIE KONING BANG WAS. HY HET VOLHARD SOOS IEMAND WAT DIE ONSIENLIKE GOD SIEN.

*Oordenking*

Moses is nog 'n uitstekende voorbeeld van geloof in die Ou Testament. Moses het baie verdra, en hy het gekies om eerder ter wille van Christus te ly as om die plesiertjies van Egiptiese koninklikes te geniet. Die skrywer se gebruik van "die smaad ter wille van Christus" in hierdie gedeelte kan verskillend geïnterpreteer word. Die waarskynlikste interpretasie is egter dat die skrywer vir die lesers 'n verband tussen Moses se lewe en hulle s'n wou aandui deur te verduidelik hoe Moses ter wille van God se belofte swaargekry het.

Moses het God se belofte geglo dat 'n Messias (Christus) eendag sou kom om God se volk te verlos. Moses het swaarkry verduur en Egipte verlaat omdat hy oortuig was van God se belofte. Hy het geglo omdat hy geweet het die Een wat hy nie kon sien nie, (God) sou aan hom getrou bly ongeag sy omstandighede.

Ons is bevoorreg om aan hierdie kant van die kruis te leef met die wete dat die werk van die Messias wat toe nog sou kom, reeds afgehandel is. Ons volharding is nie omdat ons wag op 'n Messias wat nog moet kom nie, maar omdat ons glo dat Hy weer sal kom. Ons kan seker wees dat die swaarkry wat ons ervaar, volharding sal kweek, en volharding is ons uitdrukking van vertroue dat God sy beloftes sal nakom. Mag ons, soos Moses, geloof hê om ter wille van Christus swaarkry te verduur.

*Gebed*

Vader God, gee vir my volharding. Help my om my oë en my lewe op u beloftes gefokus te hou. Help my om nie in die genietinge van die wêreld vasgevang te raak sodat ek u plan en doel vir my lewe uit die oog verloor nie. Ek wil groei in my volharding sodat ek aan U getrou kan bly. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Waarom kan ons vashou aan ons hoop op die evangelie? Hoe weet ons dat God betroubaar is?

2. Waarom is uithouvermoë 'n sleutelkomponent in ons geloof? Hoe kan jy vandag uithouvermoë in jou geloof beoefen?

3. Gee 'n definisie van geloof in jou eie woorde.

4. Hoe bemoedig die geloof van hulle wat in Hebreërs 11 genoem word, jou? Glo jy dat jy dieselfde soort geloof in jou eie lewe kan beoefen? Hoekom of hoekom nie?

5. Met watter geloofsverhaal uit Hebreërs 11 kan jy die beste identifiseer? Hoe daag dit jou uit of bemoedig dit jou?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 6

*Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God.*

**HEBREËRS 12:1-2**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jouself te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Soos ons die studie van Hebreërs afsluit, word ons vermaan om ons oë op Jesus te hou (Heb. 12:2). Wat beteken dit? Hoe kan jy jou oë gevestig hou op Jesus? Maak hierdie week 'n lys van twee praktiese dinge wat jy elke dag kan doen om jou aandag op Jesus gevestig te hou. Deel hierdie dinge met 'n vriendin en vra haar om jou aanspreeklik te hou.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Hebreërs 11:32-40*

32 En wat moet ek nog meer sê? Die tyd ontbreek my om te vertel van Gideon,
Barak, Simson en Jefta, van Dawid, Samuel en die profete. 33 Deur die geloof het
hulle koninkryke verower, die reg van God gehandhaaf en verkry wat God beloof
het; hulle het leeus se bekke toegestop, 34 gloeiende vuur geblus en aan die swaard
ontkom; hulle het in swakheid krag ontvang, was sterk in oorlog en het die leërs
van vreemdes op die vlug gejaag. 35 Vroue het hulle dooies teruggekry, opgewek
uit die dood. Ander gelowiges wou nie die prys vir hulle eie vrylating betaal nie
en is doodgemartel; hulle wou die opstanding tot 'n beter lewe deelagtig word.
36 Ander weer het bespotting en lyfstraf verduur, selfs boeie en gevangenskap. 37
Gelowiges is met klippe doodgegooi, in stukke gesaag, met die swaard vermoor.
Hulle het rondgeswerf in skaapvelle en in bokvelle. Hulle het gebrek gely, is
verdruk en mishandel. 38 Die wêreld was hulle nie werd nie; hulle het rondgeswerf
in woestyne en op berge en het in grotte en in gate in die grond gelewe. 39 En
hoewel daar oor hulle almal vanweë hulle geloof met soveel lof getuig is, het hulle
nie verkry wat beloof is nie, 40 omdat God vir ons iets beters beoog het, sodat
hulle nie sonder ons die voleinding sou bereik nie.

# MAANDAG

LEES:
*Hebreërs 11:32–40*

SOAP:
*Hebreërs 11:39–40*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP: Hebreërs 11:39-40*

EN HOEWEL DAAR OOR HULLE ALMAL VANWEË HULLE GELOOF MET SOVEEL LOF GETUIG IS, HET HULLE NIE VERKRY WAT BELOOF IS NIE, OMDAT GOD VIR ONS IETS BETERS BEOOG HET, SODAT HULLE NIE SONDER ONS DIE VOLEINDING SOU BEREIK NIE.

*Oordenking*

God het uit genade vir ons sy Woord as geskenk gegee. In sy Woord tref ons die een voorbeeld na die ander aan van lewens van geloof. Dwarsdeur die geskiedenis van God se volk was daar mans en vroue wat vir hulle geloof aangeprys word. Hulle het vir God gewag, ongelooflike dade verrig, en families en volke verander as gevolg van hulle geloof. Tog is dit nie waarom hulle aangeprys word nie.

Al die mense wat in Hebreërs hoofstuk 11 genoem word, word aangeprys vir hulle geloof in God se belofte. Die enkelvoud van die woord "belofte" word in hierdie gedeelte gebruik, wat daarop dui dat hulle almal geloof gehad het in een van God se beloftes. Dit is die belofte van die Messias wat sou kom, die belofte van verlossing en ewige lewe saam met God. Hulle word aangeprys omdat hulle geloof onwrikbaar vas was, selfs al het hulle gesterwe terwyl hulle gewag het op die vervulling van God se belofte.

God het hulle toegelaat om te wag omdat Hy besig was om iets beters voor te berei. Deur te wag het God ons, en almal wat voor ons was, toegelaat om by hierdie belofte ingesluit te word. Dit is 'n eskatologiese belofte, die belofte van 'n ewige lewe saam met God. Christus se opstanding was net die begin van hierdie belofte! Ons maak deel uit van hierdie skare gelowiges wat almal volhardend wag op die vervulling van God se belofte.

*Gebed*

God, ek is in verwondering van u plan. U het my toegelaat om deel uit te maak van 'n groot liggaam van gelowiges wat almal wag op 'n ewige erfenis saam met U. Help my om 'n lewe te leef wat my identiteit as een van u kinders waardig is. Help my om 'n lewe van groot geloof te leef soos een van die talle voorbeelde wat U in u Woord voorhou. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Hebreërs 12:1-13*

1 Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las
van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop
wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, 2 die oog gevestig op Jesus, die
Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die
vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug
te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. 3 Hou Hom
voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal
julle nie geestelik moeg word en uitsak nie. 4 Julle het nog nie so teen die sonde
weerstand gebied dat dit vir julle 'n stryd om lewe en dood geword het nie. 5 Julle
het ook vergeet van die aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word:

"My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig
word as Hy jou teregwys nie, 6 want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf
elkeen wat Hy as kind aanneem."

7 Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. Is daar
miskien 'n kind wat nie deur sy vader getug word nie? 8 As julle nie getug word
soos al die ander nie, dan is julle nie werklik sy kinders nie. 9 Verder, ons het ons
aardse vaders gehad wat ons getug het, en ons het vir hulle eerbied gehad. Sal
ons ons nie nog des ter meer aan die hemelse Vader onderwerp en lewe nie? 10
Ons vaders het ons wel 'n kort tydjie na hulle goeddunke getug, maar Hy tug ons
tot ons beswil sodat ons in sy heiligheid mag deel. 11 Wanneer ons getug word,
lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor
te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, 'n goeie vrug: vrede
omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God. 12 Versterk daarom die slap
hande en die lam knieë 13 en loop die reguit pad. Dan sal wat lam is, nie uit lit
raak nie, maar gesond word.

# DINSDAG

LEES:
*Hebreërs 12:1–13*

SOAP:
*Hebreërs 12:1–2*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP: Hebreërs 12:1-2*

TERWYL ONS DAN SO 'N GROOT SKARE GELOOFSGETUIES RONDOM ONS HET, LAAT ONS ELKE LAS VAN ONS AFGOOI, OOK DIE SONDE WAT ONS SO MAKLIK VERSTRIK, EN LAAT ONS DIE WEDLOOP WAT VIR ONS VOORLÊ, MET VOLHARDING HARDLOOP, DIE OOG GEVESTIG OP JESUS, DIE BEGIN EN VOLEINDER VAN DIE GELOOF. TER WILLE VAN DIE VREUGDE WAT VIR HOM IN DIE VOORUITSIG WAS, HET HY DIE KRUIS VERDUUR SONDER OM VIR DIE SKANDE DAARVAN TERUG TE DEINS, EN HY SIT NOU AAN DIE REGTERKANT VAN DIE TROON VAN GOD.

*Oordenking*

Die skrywer van Hebreërs skryf van mans en vroue wat dwarsdeur die Bybel vir hulle geloof aangeprys word. Nie een van hierdie mense het die belofte (ewige lewe saam met God) ontvang nie, maar wag net soos ons steeds daarop. Hulle (en ander) helde van die Bybel maak hierdie groot skare van gelowiges uit waarvan daar in Hebreërs 12:1 melding gemaak word. Ons behoort aan 'n groot vergadering van gelowiges – dié wat nog lewe sowel as hulle wat voor ons geleef het.

Die hele Hebreër-boek wys na hierdie aansporing. Ter wille van wie Christus is, omdat Hy verhewe is bo die engele, bo Moses, bo die beloofde rus, bo die hoëpriester, bo Melgisedek, bo die verbond, bo die offerstelsel, moet ons op 'n sekere manier leef en optree. Ons moet bereid wees om swaarkry te verduur, tugtiging te verdra en van sonde weg te vlug omdat ons aan iets groters as onsself behoort.

As ons sonde 'n vastrapplek in ons lewe gee, bring dit ons vinnig tot 'n val. Dit laat ons die goedheid van God bevraagteken, dit weerhou ons van volharding, en dit laat ons van ons anker, Christus, wegdryf. Ons moet die sonde afwerp sodra dit in ons lewens insluip. Ons leef vir soveel meer as onsself. Ons lewe moet 'n getuienis van wie Christus is, aan die wêreld wees. Laat ons volhard soos Hy volhard het, en die voorbeelde navolg wat Hy vir ons in sy Woord gee.

*Gebed*

Here God, help my om te volhard. Laat my nie in sonde vasgevang bly nie, maar laat my dit afwerp wanneer dit my wedloop begin belemmer. Laat my tug verdra, want ek weet u teregwysing is goed. Ek wil die skare gelowiges wat voor my gekom het, waardig wees. Help my om 'n lewe te lei wat U elke dag eer. In Jesus se naam, amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Hebreërs 12:14-29*

14 Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir ’n heilige lewe, waarsonder
niemand die Here sal sien nie. 15 Sorg dat niemand van die genade van God
afvallig word nie. Sorg dat daar nie verbittering soos ’n wortel uitspruit,
moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie. 16 Sorg ook dat niemand sedeloos
en goddeloos lewe nie, soos Esau wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg verkoop
het. 17 Julle weet dat hy verwerp is toe hy daarna die seën wou verkry. Daar was
vir hom geen moontlikheid om die saak reg te stel nie, al het hy met trane daarna
gesoek. 18 Julle het immers nie gekom by ’n tasbare berg met brandende vuur,
donderwolke, duisternis, stormwind, 19 trompetgeskal en geklank van woorde
nie. Hulle wat dit gehoor het, het gesmeek dat geen woord meer tot hulle gerig
moes word nie. 20 Die bevel dat selfs ’n dier wat aan die berg raak, met klippe
doodgegooi moet word, was vir hulle ondraaglik. 21 So angwekkend was die
verskynsel dat Moses uitgeroep het: “Ek sidder van angs!” 22 Maar julle het wel
gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem
met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms, 23 die vergadering van die
eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is. Julle het gekom by God wat
Regter oor almal is, en by die geeste van dié wat vrygespreek en wat nou volmaak
is, 24 by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en by die besprinkelingsbloed
wat van iets beters getuig as die bloed van Abel.

25 Pas op, moet Hom wat met julle praat, nie afwys nie. Hulle wat Hom afgewys
het toe Hy sy Goddelike woord op aarde laat hoor het, het nie ontkom nie.
Hoeveel minder sal ons ontkom wanneer ons nie ag slaan op Hom wat van die
hemel af met ons praat nie? 26 Destyds het sy stem die aarde laat wankel, maar
nou het Hy aangekondig: “Nog een maal sal Ek nie alleen die aarde laat bewe nie,
maar ook die hemel.” 27 Die woorde “nog een maal” laat duidelik blyk dat die
geskape dinge, wat reeds aan die wankel is, finaal weggeneem sal word, sodat die
onwankelbare dinge kan bly. 28 Laat ons wat ’n onwankelbare koninkryk ontvang
het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag,
soos Hy dit wil, 29 want ons God is ’n verterende vuur.

# WOENSDAG

LEES:
*Hebreërs 12:14–29*

SOAP:
*Hebreërs 12:14–15*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP: Hebreërs 12:14-15*

BEYWER JULLE VIR VREDE MET ALLE MENSE ASOOK VIR 'N HEILIGE LEWE, WAARSONDER NIEMAND DIE HERE SAL SIEN NIE. SORG DAT NIEMAND VAN DIE GENADE VAN GOD AFVALLIG WORD NIE. SORG DAT DAAR NIE VERBITTERING SOOS 'N WORTEL UITSPRUIT, MOEILIKHEID VEROORSAAK EN BAIE BESMET NIE.

*Oordenking*

Jesus is die anker van ons verlossing. Sonder Hom, is ons niks. Hy is die een wat ons met die Vader verbind en met Hom laat wandel. Dit beteken egter nie dat ons vry is om te leef soos ons wil nie. Ons vind praktiese onderrig regdeur die Skrif en veral in hierdie verse in Hebreërs.

Ons moet vrede nastreef, nie net met die mense wat ons wil en ons as vriende kies nie, maar met almal. Dit beteken nie dat ons wegdraai van onreg nie, maar dat ons onreg beveg soos Jesus gedoen het (Mt 8:1-3; 9:9-13; 18:1-7; 20:20-28; Mk 12:13-17; Lk 10:25-42; 19:1-10; Jn 4:1-42; 20:11-18). Vrede beteken nie die afwesigheid van konflik nie, maar eerder om heiligheid na te streef deur ons lewens voortdurend in lyn te bring met die Woord van God. As ons ander aanmoedig om dieselfde te doen deur die waarheid met liefde te praat en nie met veroordeling nie, gaan ons voort om vrede en heiligheid aan te beveel en na te streef.

Jesus is ons Prins van Vrede. Sonder 'n verhouding met Hom, het ons geen hoop op vrede in ons lewens of vrede in die wêreld nie. Terwyl ons vrede nastreef, moet ons onthou dat ware vrede slegs bestaan as ons die waarheid en heiligheid nastreef. Soos wat ons aanhou groei in ons wandel saam met God en ook groei in gemeenskap met ander gelowiges, sal ons vrede groei.

*Gebed*

Here Jesus, U is die Prins van Vrede. Ek wil hê dat my lewe gekenmerk word deur U vrede. Help my om te sien waar ek vrede kan beoefen in my eie lewe, in my gesin, my gemeenskap en ook my land. Help my om te onthou dat vrede nie die afwesigheid van konflik is nie, maar eerder die teenwoordigheid van waarheid en 'n strewe na heiligheid. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Hebreërs 13:1-19*

1 As broers moet julle mekaar altyd liefhê. 2 Moenie nalaat om gasvry te wees nie,
want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het,
engele as gaste gehuisves. 3 Dink aan die gevangenes asof julle self ook gevangenes
is, en aan dié wat mishandel word, asof julle self ook mishandel word. 4 Die
huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan
mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom. 5 Hou
julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het gesê:
"Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie." 6 Daarom kan ons
met vertroue sê: "Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens
aan my doen?" 7 Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle
verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld
van geloof wat hulle gestel het. 8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en
tot in ewigheid. 9 Moet julle nie laat meevoer deur allerhande vreemde leringe
nie. Die goeie is daarin geleë dat die hart deur genade versterk word, nie deur
eetgebruike nie. Dié wat hulle aan hierdie gebruike gehou het, het niks daarby
gebaat nie. 10 Ons het 'n altaar waarvan dié wat nog die offerdiens volgens die
ou orde verrig, nie die reg het om te eet nie. 11 Die bloed van die offerdiere
word deur die hoëpriesters in die heiligdom ingebring vir die sonde, maar hulle
liggame word buitekant die laer verbrand. 12 Daarom het Jesus ook buitekant die
stadspoort gely om die volk deur sy eie bloed van hulle sonde te reinig. 13 Laat
ons dan nou uitgaan na Hom toe buitekant die laer en die smaad dra wat Hy gedra
het, 14 want ons het in hierdie wêreld geen vaste verblyfplek nie, ons is op soek na
die toekomstige. 15 Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van
lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely. 16
Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers
wat vir God aanneemlik is.

17 Julle voorgangers hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee. Wees
gehoorsaam en onderdanig aan hulle, want dan sal hulle hulle werk met vreugde
kan doen en nie kla nie; anders het dit vir julle geen nut nie. 18 Hou aan om vir
ons te bid, want ons is daarvan oortuig dat ons gewete skoon is, omdat ons in elke
opsig probeer doen wat reg is. 19 Veral dring ek by julle daarop aan om te bid dat
God my gou na julle toe sal laat terugkom.

# DONDERDAG

LEES:
*Hebreërs 13:1–19*

SOAP:
*Hebreërs 13:8*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP: Hebreërs 13:8*

JESUS CHRISTUS IS GISTER EN VANDAG DIESELFDE EN TOT IN EWIGHEID!

*Oordenking*

Soos wat die boek Hebreërs tot 'n einde kom, het die skrywer 'n sentrale punt in die middel van finale vermanings aan die lig gebring: Jesus Christus is dieselfde gister en vandag, tot in ewigheid. Indien ons van die punt afgelei is of vergeet waarom hy hierdie boek geskryf het, herinner hierdie ons: Dit gaan alles oor Jesus.

Jesus bly altyd dieselfde; gister, vandag en vir ewig. Dit maak nie saak wie ons leiers is nie, want Jesus Christus bly dieselfde. Nadat hy sy gehoor aan die groot leiers van die Ou Testament herinner het, het die skrywer van Hebreërs hierdie waarheid na vore gebring: Jesus Christus is dieselfde.

Jesus bly dieselfde, ongeag van ons omstandighede, probleme, pyn en vrees. Hy was met ons deur die swaarkry van die verlede en Hy sal aanhou om in die toekoms met ons te wees. Hy verander nie.

As ons leiers misluk en ons omstandighede verander, bly een ding oor: Jesus Christus. Hy het in die verlede vir ons gely, Hy verteenwoordig ons vandag voor God as ons Höepriester en Hy leef vir ewig om vir ons as bemiddelaar in te tree. Hy sal nooit verander nie en Hy sal ons nooit alleen laat nie.

*Gebed*

Jesus, dankie dat U nooit verander nie. In 'n wêreld waarin die enigste betroubare ding verandering is, is ek oorweldig deur U vermoë om dieselfde te bly. Help my om te onthou dat al verander my omstandighede, U nooit verander nie en dat U liefde en sorg vir my ook nooit sal verander nie. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Hebreërs 13:20-25*
20 God wat vrede gee, het ons Here Jesus wat deur die bloed van die ewige
verbond die groot Herder van sy kudde is, uit die dood teruggebring. 21 Mag
dié God julle toerus met alles wat goed is, sodat julle sy wil kan doen. Mag Hy
deur Jesus Christus in ons tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is. Aan Hom
behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

22 Broers, dit is my dringende versoek: Julle moet geduldig na hierdie woorde
luister waarmee ek julle bemoedig het, al het ek dit net kortliks aan julle geskrywe.
23 Julle weet seker al dat ons broer Timoteus vrygelaat is. As hy gou genoeg kom,
bring ek hom saam wanneer ek julle besoek. 24 Groete aan al julle voorgangers en
aan al die gelowiges. Dié wat van Italië afkomstig is, stuur ook vir julle groete. 25
Die genade van God sal by julle almal wees!

# VRYDAG

LEES:
*Hebreërs 13:20–25*

SOAP:
*Hebreërs 13:20–21*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP: Hebreërs 13:20-21*

GOD WAT VREDE GEE, HET ONS HERE JESUS WAT DEUR DIE BLOED VAN DIE EWIGE VERBOND DIE GROOT HERDER VAN SY KUDDE IS, UIT DIE DOOD TERUGGEBRING. MAG DIÉ GOD JULLE TOERUS MET ALLES WAT GOED IS, SODAT JULLE SY WIL KAN DOEN. MAG HY DEUR JESUS CHRISTUS IN ONS TOT STAND BRING WAT VIR HOM AANNEEMLIK IS. AAN HOM BEHOORT DIE HEERLIKHEID TOT IN ALLE EWIGHEID! AMEN.

*Oordenking*

Die skrywer van Hebreërs sluit af met 'n seënbede en gebed vir sy lesers. Hy sluit sy punte en argumente af deur lesers te herinner wie aan bewind is. Dit is God self wat ons toerus om sy wil te doen.

In die eerste plek, rus God ons toe om Sy wil te doen deur Jesus vir ons te gee. Hy het 'n nuwe verbond gestig deur die bloed van Christus wat vir ewig duur; een wat die verbond wat Hy met Israel gesluit het vervang. Jesus is ons voorspraak, ons rus, ons Höepriester, ons beter opoffering en ons vrede. Met ons geloof in Jesus het ons alles wat ons nodig het om Sy wil te doen. Ons sal nie wegdwaal nie, want dit is God wat ons redding is.

Die boek Hebreërs bied aan ons 'n diepgaande boodskap van rus. Christus is ons opperste rus en in Hom vind ons vrede en ewige veiligheid. Ons kan ophou streef, wetende dat Hy vir ons 'n weg geskep het. Selfs terwyl ons aanhou groei in ons geloof, rus God ons toe om - deur middel van die Heilige Gees - sy wil te doen en om Hom beter te leer ken. Wat 'n genade!

*Gebed*

Vader God, ek loof U vir die rus wat U my gee. Ek hoef nie daarna te streef om gered te word, om voor U te staan of dat my geloof sal groei nie, want U is in beheer en rus my toe op my pad. Help my om tot U eer te leef en te berus in die waarheid dat U die werk van verlossing en heiliging vir my doen. In Jesus naam. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe reageer jy as jy hoor dat baie van die mense wat in Hebreërs 11 genoem word, nie die dinge ontvang het wat aan hulle belowe is nie? Vind jy dit bemoedigend of ontmoedigend? Hoekom?

2. Wat beteken dit om die wedloop wat vir ons beplan is, te hardloop? Waarom is hierdie wedloop onmoontlik as ons aan sonde vasklou?

3. Hoe lyk dit om te strewe daarna om in vrede te leef met almal? Hoe is dit anders as om konflik te vermy?

4. Hoe kan Jesus gister, vandag en vir altyd dieselfde wees? Hoe troos hierdie waarheid jou?

5. Wat beteken dit dat God jou toerus? Hoe het Hy jou in die verlede toegerus?

# NOTAS

# NOTAS

# KEN HIERDIE WAARHEDE

***God het jou lief.***
Selfs wanneer jy onwaardig voel en voel of die wêreld teen jou is, God het jou lief - ja, vir jou - en Hy het jou vir 'n groot doel geskape.

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Johannes 3:16).

***Ons sonde skei ons van God.***
Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is.

God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Romeine 3:23).

***Jesus het gesterf sodat jy die lewe kan hê.***
Die gevolg van sonde is die dood, maar jou verhaal hoef nie daar te eindig nie! God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar, want Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Romeine 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Romeine 5:8).

***Jesus leef!***
Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

God se Woord sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Johannes 14:2-3).

***Ja, jy kan WEET dat jy vergewe is.***
*Aanvaar Jesus as die enigste weg na verlossing...*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy 'n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered" (Romeine 10:9-10).

### *Hoe lyk dit prakties?*

Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

> *God,*
> *Ek weet dat ek 'n sondaar is.*
> *Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om die liefde en*
> *vergifnis wat U vir my het met ope arms aan te neem nie.*
> *Ek vra vir U vergifnis.*
> *Ek glo dat U vir my sondes gesterf*
> *het en uit die dood opgestaan het.*
> *Ek gee alles wat ek is oor, en vra*
> *U om die Here van my lewe te wees.*
> *Help my om weg te draai van my sonde en U te volg.*
> *Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel*
> *soos ek onder U genade leef, en help my om te groei in U weë,*
> *soos ek daarna streef om U beter te ken.*
> *Amen.*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal jy ons e-mail by info@lovegodgreatly.com?

Ons sal jou graag wil help om te begin met hierdie opwindende reis as 'n kind van God!

# WELKOM VRIENDIN

*Love God Greatly* bestaan om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God se Woord 'n prioriteit in hulle lewens te maak.

### *INSPIRERING*
van vrouens om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens deur ons Bybelstudie hulpbronne.

### *AANMOEDIGING*
van vrouens in hulle daaglikse wandel met God deur 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

### *TOERUSTING*
van vrouens om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

*Love God Greatly* bestaan uit 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel…om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By *Love God Greatly* sal jy ware, lewensegte vrouens vind. Vrouens wat onvolmaak, maar tog vergewe is. Vrouens wat minder van hulleself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat verlang om God deur Sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

*Love God Greatly* is 'n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir *Love God Greatly* kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. LGG is toegewyd om kwaliteit Bybelstudie materiaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van 'n vrou om te kan deelneem in een van ons studies nie. Alle LGG joernale en vertaalde joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com vir diegene wat nie kan bekostig om dit te koop nie. Ons joernale en boeke is ook te koop op Amazon. Soek vir "Love God Greatly" sodat jy al ons Bybelstudie joernale en boeke kan sien. 100% van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van *Love God Greatly* en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

DANKIE dat jy 'n deelgenoot met ons is!

## WAT ONS AANBIED:

18 + Vertalings | Bybelleesplanne | Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly App | 80 + Lande Bedien
Bybelstudie Joernale & Boeke | Gemeenskapsgroepe

## ELKE LGG STUDIE SLUIT IN:

Drie Ooreenstemmende Blog Inskrywings
Memoriseerverse | Weeklikse Uitdaging | Weeklikse Leesplan
Oordenkingsvrae En Meer!

## ANDER LOVE GOD GREATLY STUDIES SLUIT IN:

Saligsprekinge | Ester | Woorde Maak Saak | Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde | Wees Dapper | Verlosser | Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel | Waarheid Oorwin | 1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs | Jakobus | Sy Naam Is... | Filippense | 1 & 2 Timoteus
Toegewy | Rut | Gebroke en Verlos | Wandel in Wysheid | God Met Ons
Jy is Vergewe | Dawid | Prediker | Groei deur Gebed | Name van God
Galasiërs | Psalm 119 | 1 & 2 Petrus | Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees | Die Bron van Dankbaarheid | Jy is Geliefd

*Besoek ons aanlyn by*

LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM/AFRIKAANS